DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Redaksioneel

INTERNASIONALE SAMEWERKING

Hierdie uitgawe is ‘n spesiale uitgawe, omdat daar ‘n eenmalige, ekstra afdeling in verskyn, nl die Internasionale Afdeling. In hierdie afdeling verskyn daar ‘n artikel van Nederland, Australië en twee van Suid-Afrika, wat tegelykertyd ook in Nederland en Australië verskyn. Dws die artikels in hierdie afdeling verskyn nou ook in The Contender, die Australiese jeugblad en in die jeugafdeling van die Nederlandse blad, De Reformanda. Die onderwerpe van die artikels is relevant vir ons almal, maak nie saak van watter wêrelddeel ons afkom nie.

Op so ‘n manier kan ons mekaar ook help en leer en dit lei tot opbou van God se koninkryk hier op aarde, selfs al woon ons duisende kilometers van mekaar af. Daarom kan ons ook baie dankbaar wees teenoor God, wat dit vir ons moontlik gemaak het om hierdie inisiatief te begin en deur te voer.

Verder is die res van die blad natuurlik soos oudergewoonte ook baie leersaam en interessant, asook vermaaklik. Geniet hierdie uitgawe!

Namens die Kaapse Redaksie
Mirjam

INHOUD

Uit die Woord	Maleagi 2	Sonja van der Linden	2
	Life’s a feast, enjoy the priviledge	Andreas Boon	3
	God laat nie met Hom spot nie	Axel Hagg	4
Oppad	Mag ek daar gesien word	Christine van der Linden	4
	Die jeug as gemeenskap van die heiliges	Ds C Kleyn	5
	Is jy gereed vir die nuwe millenium	Hannes Bosman	7
	Drank verkoop op kongres – wat sê die wet	Annemarie Lubbinge	8
	Dooplidmate aan die nagmaal?	Jopie van der Linden	8
Voel jy ook so?	Vroukleding	Jan van Houwelingen	10
	Gemeenskap van heiliges per email	Johannes de Vries	11
	Moenie bang wees nie!	Christine Scheltens	12
Internasionaal	Nederland: Veg vir jou geloof	John Boot en Timo Verhoudt	13
	Australië: Neutrale Sones	K Schilder	15
	Suid-Afrika: Wat hou die nuwe millenium vir ons in?	Gerhard Bijker	17
	Suid-Afrika: Getuines van Christus	Theo de Vries	18
Rehobot	Deur die Sleutelgat & Bagatel		20
Oosgenootjies	Staptoer	CG	22
Magaliesberg	Voetspore		24
Nog iets	Die HOOF rede om Pretoria toe te kom		25
Gedigte	Vergewe en Vergeet	Karina Smit	26
	Dans Stadig	Dirk Boon	27
Algemeen	Verjaarsdae		28

MALEAGI 2 - GOD SE TROUELOSE BRUID

Sonja van der Linden

God is liefde
Die profeet Maleagi het in sy eerste dialoog (hoofstuk 1) met die volk gespreek oor die **liefde** van die Here - wat so oorvloedig is. Want as die volk vra: "Waarin het U ons liefgehad?", dan wys die profeet op die duidelike bewyse van God se trou in die verre en nabye verlede. Die Here het Jakob liefgehad, maar Esau gehaat, en hul eie oë sal sien hoe groot die Here is in Israel.

Die antwoord op daardie liefde
In hoofstuk 2 stel Maleagi die vraag hoe sake nou staan met die wederliefde van die volk teeoor God. Vers 19 spreek veral die priesters aan - hulle wat 'n besondere diens voor God in die tempel moes verrig. Waaruit het hierdie diens presies bestaan? Die priesters was afgesonderd van die volk, en moes deur hul eie reinheid en diens 'n voorbeeld vir die volk wees. Hulle moes noukeurig die wet van God nakom op die punt van die offerdiens, die reinheid, die sameroeping van die volk, die raadpleging van die Here, die voorgaan in gebede, die regspraak in die volk, kortliks: alles wat te make gehad het met die diens van God in die tempel. Die minste nalatigheid sou hier mos onheiligheid beteken? En dit het volkome teen hul besondere diens ingedruis. Juis hierdie stam van Levi mag in die besonder sê: "Die Here is my erfdeel." - dit was 'n besondere rykdom en voorreg wat God aan hulle verleen het, maar daarmee saam ook 'n groot verantwoordelikheid.

En dit is nou so verskriklik in die dae van Maleagi: Die priesters sien nie meer dat hulle ‘n besondere diens voor die Here het nie. Hulle besef nie meer dat die offers wat hulle bring juis volmaak moet wees, omdat Christus eendag as volmaakte offer aan die kruis sou hang nie. Hulle sien nie meer in dat God sy volk wil onderrig, vermaan en vertroos deur die verkondiging van die LEWENDE WOORD, in plaas van hul eie uitdenksels nie. Hulle besef nie meer hul verantwoordelikheid om die volk te lei en tug uit te oefen deur eerlike regspraak nie. Hierdie "*boodskappers van die Here van die leërskare*" (vs7), het vasgeval in 'n tradisie wat geleidelik verswak en verslap het, aangesien hul diens nie meer in dankoffers vir die God van "*die verbond met Levi*" (vs8), was nie.

Vir jou en my
Hoe geweldig aktueel is die Woord van God! Ons moet dalk ook weer daarby stilstaan of ons nog wel die voorreg van diens aan die Here insien. Want die Here sê vandag vir ons almal: "Ek het jou eenkant gesit deur jou doop. Ek het jou geheilig, afgesonder van die wêreld. Ek sal jou erfdeel wees en jy is my eiendom." Ons is kinders van God - duur gekoop. Maar juis daarom het ons ook 'n verantwoordelikheid. Ons hele lewe, of ons nou "algemene" of besondere ampsdraers is, ons moet getuig van die voorreg van diens aan die Here.

"*Het ons nie almal een Vader nie* " (vs. 10) - hierdie deel is geen oproep tot verbroedering van alle mense nie. Inteendeel. Dit is 'n oproep tot die afsondering van mense met EEN VADER! Dit is 'n oproep tot die anderswees van die kerk. Hierdie anderswees sluit my

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Sekretaresse: Anneke de Jager
Lede: Annemarie de Vente, Margreet Bron &
Hein Smit

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting &
Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak
Lid: Erik van Alten

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Bijker Broers (krokkie@easy.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35.00 per jaar

HELE lewe in - ook my keuse van 'n huweliksmaat. Juda word in vers 11 aangespreek oor al die huwelike met heidene (en dus ook met die heidense gode). Maar jy kan nie twee here dien nie, want jy sal of die een aanhang en die ander verag, of jy sal die een verag en die ander liefhê.
Vir die bruid van Christus, sy Kerk, is dit 'n wesenlike gevaar! Dat ons ons nie meer as anders sien nie. Want as jy jou titel as HEILIGE, UITVERKORENE, en GELIEFDE, prysgee en jou wil skaar by die wat geen waarde heg aan sy gebod nie, dan verander jou naam van UITVERKORENE na ONTROUE. Dan pleeg jy egbreuk.

Laat ons as God se bruid, ons Bruidegom, Christus tegemoet leef. As Hy kom wil Hy ons voor Hom sien "Stralend, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks - maar dat ons heilig is en onbesmet" (Ef. 5 : 27).

LIFE'S A FEAST, ENJOY THE PRIVILEGE (PRED. 11:9 –12:8)

Andreas Boon

Prediker 11:9-10 beskryf hoe 'n jongmens sy lewe volgens God se wil moet deurbring. Daar staan onder andere:

- Ons moet onsself verbly.
- Ons moet ons vrolik maak.
- Ons moet die verdriet uit ons harte weer.
- Ons moet in die weë van ons hart en die aanskouing van ons oë wandel.

Dit klink so onwerklik. Hoe is dit moontlik dat 'n Christen vrolik kan wees? Daar is dan soveel dinge wat ons nie mag doen nie, en soveel dinge wat ons moet doen. Hoe werk dit dan, dat God ons voorskryf om 'n vreugdevolle jonkheidslewe te geniet? Dis reg, ons moet ons jeugtyd geniet, deur die klem te verskuif na al die voorregte wat God vir ons gee, byvoorbeeld die pragtige natuur, geleenthede om te ontwikkel, medegelowiges en die feit dat ons van ons sondes gewas is. Dit alles gee ons meer as genoeg rede om bly te wees.

God waarsku ons egter wel daarvoor dat Hy al die dinge wat ons gedoen het, voor die gerig sal bring. Ons is dus wel verantwoordelik vir al die woorde, dade en gedagtes wat in ons hart opkom. Maar ons mag ook weet dat as ons God vra om ons te help om die regte dinge te doen, dat Hy ons dan ook sal help. God vra totale gehoorsaamheid van sy kinders. Ons is egter nie volmaak om God 100% gehoorsaam te wees nie. Daarom mag ons ook bly en dankbaar wees dat God sy Seun gestuur het om vir ons sondes te sterf. As ons dan werklik berou oor ons sondes het, mag ons weet dat al ons sondes ook vergewe sal word.

Prediker 12: 1-8 beskryf aan ons dat ons aan ons Skepper moet dink in ons jong dae, voordat die swaar dae aanbreek. Ons moet dus nou al in ons jonkwees die goeie dinge wat God ons gee kan raaksien en geniet. Niks is vanselfsprekend nie. Ons moet God dus baie dankbaar daarvoor wees. Volgens die prediker is die lewe van volwasse mense baie moeiliker en het baie meer probleme as die lewe van 'n jongmens. In ons jonkwees moet ons nie onnodig probleme soek nie. Ons moet wel ons roeping onthou wat God aan ons gee. Ons jeugtyd is 'n belangrike fase in ons lewe wat ons regmaak om eendag al die moeiliker verantwoordelikhede wat God aan ons gaan gee, ten volle te kan dra.

Maar ook in ons jeugtyd kan dit soms vol moeites en probleme wees. Ons moet dan probeer om te onthou dat alles (moeites en vreugde) deur God op ons pad geplaas word. Ons lewe raak elke dag net ryker en ryker met al die verskillende geleenthede, moeites, verdriet en vreugde wat op ons pad geplaas word. Elke oomblik van ons jeugtyd berei ons voor op die verdere lewe. Daarom is dit ook belangrik dat ons mekaar as jeug ook moet help, ondersteun en bemoedig in hierdie groeiproses. Sommige persone gaan maklik daardeur, en ander het weer baie moeites. Ons moet mekaar help en mekaar nie ignoreer of kritiseer nie. As jy nie 'n goeie ding oor 'n ander kan sê nie, bly dan eerder stil voor jy daardie persoon met jou woorde afbreek. Praat liewer oor 'n ander se positiewe punte. Só versterk ons mekaar se geloof en help ons bou aan God se koninkryk.

Verder is dit verkeerd om te sê: "*Ek is net eenmaal jonk in die lewe, daarom moet ek dit maksimaal geniet. Alle ander mense kan nou maar gaan vlieg, want ek wil so veel as moontlik self geniet.*" So 'n persoon lewe 'n egoïstiese lewe, net vir homself, en het geen ooghare vir ander mense se sienings en gevoelens nie. Hy kan onmoontlik sy medegelowiges ondersteun in hulle geloof.

Ons staan ***saam*** as jeug van God se kerk sterker teen die sonde en kan dan ook saam alles beproef en die goeie dinge behou. Ons mag ons jonkheid (met alle tekortkominge) voor God se aangesig ten volle geniet. Dit sal ook vir God 'n welbehae wees om sy kinders te kan sien met blye harte. Die lewe is 'n fees! Enjoy!

GOD LAAT NIE MET HOM SPOT NIE

Axel Hagg

Op die bogenoemde waarskuwing, volg in Galásiërs 6:7 en 8 die woorde: "…*want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai…"* Wie kakiebos-saad saai, kan nie verwag dat hy koring of mielies sal maai nie. (Spr. 11:24-31). Dis tog logies. Merkwaardig genoeg pas ons hierdie beginsel selde toe op ons geestelike lewe. Ons dink soms dat ons resultate sal kry, op dit wat ons nie "geplant" het nie. Ons verwag om die ewige lewe te kan oes. Dis ten minste wel ons bedoeling. En as ons wel sommige dinge in ons lewe saai en dink: "Ag, dis nie regtig so erg nie", dan spot ons met God. So asof Hy nie ons hele wese ken nie…

Jesus Christus is dan maar net 'n by-persoon, wat nader getrek word as ons Hom nodig het, of as ons nou skielik om vergewing moet vra.

Maar in watter mate doen ons moeite met die voorbereidingswerk by die saai. Trek ons al die onkruid uit ons lewe, of laat ons dit maar staan omdat dit te veel moeite is? Verandering is mos nie lekker as ons tevrede is met ons bestaande lewensstyl nie. Die ewige lewe kan beskryf word as 'n situasie waar Christus en sy ryk volkome in die middelpunt staan. Ewige lewe beteken: ewige prys en verheerliking van God. As dit die oes is waarvoor ons onsself beywer, dan is dit noodsaaklik dat ons nou al ons insette lewer om die doel te bereik.

Sommige mense dink dat hulle wel so af en toe maar die onkruid in hul lewe kan toelaat. Hulle saai rustig "in die vlees." Daarmee word bedoel dat jy rustig toegee aan jou eie vleeslike begeertes. Iets verkeerds wat jy eintlik nie wil loslaat nie. Jy gee gedurig toe aan dit wat jy as aangenaam ervaar, of dit nou reg is of nie. Jouself en jou eie ideale in die middelpunt van jou lewe stel. Jesus Christus is dan maar net 'n by-persoon, wat nader getrek word as ons Hom nodig het, of as ons nou skielik om vergewing moet vra. Vir die res draai alles maar eintlik net om onsself.

Wel, om so op jouself gerig te lewe, loop uit op die verderf. Dan oes jy wat jy gesaai het. Sommige mense ontdek al vroeg in hul lewe wat die gevolge van so 'n egoïstiese lewenshouding is. Hulle raak al hoe eensamer. Maar dis geen wonder nie. Hulle het mos die saad in hul vlees geplant. Die oes volg dan ook op wat gesaai is. Hulle staan dan ten einde heeltemal alleen. Alleen van God.

Die wat sy lewe inrig volgens die Gees, d.w.s, om in die Gees te saai, sal nie eensaam word nie. En ook nie met God spot nie. Want God laat nie met Hom spot deur ons egoïsme nie. Hy vra dat ons ons eie belange en behoeftes opsy sal skuif, en sy koninkryk as eerste prioriteit beskou. En nie gedurig aan ons eie koninkrykie bou nie. As ons meewerk aan God se wil in ons leefwêreld en Hom reg leer ken, dan kan ons ook sy seën op ons werk verwag en die oes van die ewige lewe ontvang.

Oppad

MAG EK DAAR GESIEN WORD?

Christine van der Linden

Hoe ontspan ons vandag? Drink ons Sondae koffie met mekaar, hou ons Saterdae 'n bring en braai? Wat doen ons as daar nie georganiseerde ontspanning is nie? Moet daar altyd georganiseerde ontspanning wees?

Die vrae het die afgelope tyd baie by my opgekom. Hoekom kry die jeug voorskrifte oor hoe ons moet ontspan, omdat dit nodig is? Mag kinders rebelleer? Hoekom wil ons rebelleer, is dit nodig? Sommige voel duidelik so. Maar tog leer ons in die vyfde gebod: Eer jou vader en jou moeder. As ons rebelleer doen ons dit dan? Nee! Maar tog staan daar ook dat jy mag rebelleer, ja, maar dan moet jy ook verder lees. Jy MAG rebelleer as jou ouers jou teenstaan in die geloof, dan is dit selfs ons plig om te rebelleer en om die Here te dank vir sulke insig.

Groeipyne

Baie jongmense hou daarvan om saans uit te gaan na plekke waar drank mildelik geskink word, waar onwelvoeglike dinge plaasvind, waar dronkenskap normaal is. Mag ons daar gesien word? Die teenargument: Ek drink nie te veel nie, raak nie dronk nie, slaap nie rond nie, so wat is fout daarmee as ek na so plek wil gaan? Ek weet dit is nie nodig

om noodwendig dronk te word as jy by sulke plekke kuier nie. Die punt is, daar is ‘n atmosfeer waar ek dink Christenskap nie mee geassosieer kan word nie, en waar ons nie mag tuis voel nie.

Dan sê ander weer, dis ‘n stadium waardeur ons gaan, oor ‘n jaar of wat trek sulke plekke my nie meer nie. Of is dit maar ‘n gerieflike verskoning, iets om die gewete mee te sus? ‘n Ander gedagte: Die Here neem jou tot Hom in daardie tydperk, kan ons wat agterbly dan seker wees van waarheen jy gaan? Jou lewenswandel die afgelope tyd het nie so getuig nie. Maar tog was jy altyd in die kerk, ernstig op jeug-vereniging, maar het soms naweke wel by sulke plekke gekuier. Die grootste troos is tog, as iemand na aan ons hart sterf, hy na die Here mag gaan. Hoe aaklig moet dit nie wees as iemand sterf en jy weet nie verseker waarheen hy gaan nie. Weet **jy** verseker, as jy by plekke uithang waar die meeste van ons ontuis voel?



Hoekom wil ons soontoe gaan? Wat trek ons? Die wilde plesier, die drank wat daar te koop is, die musiek? Groepsdruk, al jou pelle by die skool of tersiêre inrigtings gaan soontoe. Jy is moeg daarvoor om altyd nee te sê. As jy daar is kan jy nie ‘n ordentlike gesprek voer met mekaar nie, so hard is die musiek, jou oë traan van al die rook wat daar binne hang. Sommige mense raak ‘n oorlas as gevolg van te veel drank. Daar is nie meer plek vir ‘n muis nie. Wat is so lekker daaraan? Ek wil nie met hierdie artikel aan die jeug voorskryf hoe en waar ons moet ontspan nie, ek wil net vir die op wie dit van toepassing is laat stilstaan by die vraag of ons daar mag tuis hoort. Ons wat as Christene moet getuig hier op aarde, getuig ons as ons na sulke plekke gaan? Speel ons met ons lewe as ons soontoe gaan? Jy gaan met jou maats soontoe, jou maat raak dronk of is ver van nugter en jy het net een drankie gedrink en is dus nog heeltemal by jou positiewe. Jy klim saam met hierdie maat in die kar, as gevolg van die drank ry hy/sy onverskillig en stel jou lewe in gevaar. Is dit verantwoordelik? Is dit wat die Here van ons vra? Hierop moet en mag ons tog sonder aarseling nee sê.

Elke jeuglid wat wettiglik by sulke plekke mag inkom, is oud genoeg om verder te redeneer as wat sy/haar neus lank is.

Elke jeuglid wat wettiglik by sulke plekke mag inkom is oud genoeg om verder te redeneer as wat sy/haar neus lank is. Hoe staan die wat nie na sulke plekke gaan teenoor die wat dit wel doen? Vermaan ons hulle? Durf ons dit doen? Dit is tog ons plig om in die gemeenskap van die Heiliges mekaar te vermaan uit liefde. Doen ons dit dan genoeg?

Die vraag wat gevra kan word as jy twyfel of sulke plekke wel besoek mag word, kom basies hierop neer: "Sal ek met vrymoedigheid die Here saamnooi na hierdie plek?" Of as die jongste dag aanbreek en jy sit in so ‘n plek, dink jy dit sal ‘n verskil maak aan die feit of jy die ewige lewe sal beërwe? So kan hierdie vrae op elke plek wat ons na toe gaan toegepas word. Nie net op bogenoemde situasie nie.

Alleen die Here kan vir ons die krag deur die Heilige Gees gee om vandag onderskeid te tref oor waar ons gesien mag word en waar nie! En dank Hom dan ook daarvoor.

DIE JEUG AS GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

ds C Kleyn

Hierdie is ‘n verwerking van dominee Kleyn se inleiding op ‘n gesamentlike verenigingsaand in Pretoria oor die jeug as gemeenskap van die heiliges. Hierin word ons lewenstyl bespreek en hoe ons as Christene onder mekaar en in die wêreld moet lewe. Dit is ook van toepassing vir ons houding op kongres. Dit was regtig ‘n baie leersame bespreking gewees, en daarom plaas ons hierdie artikel sodat ons almal weer daaroor kan nadink en dit uitleef. Die ander voordeel is dat Bethal, Maranatha, Johannesburg en Kaapstad se jeug dit ook kan lees.

Wat tipeer die jeug

Prediker sien die mens se lewe as ’n saak van opgang, blink en versink. As jeug staan ons nog aan die begin van die lewe, in die bloeityd. Die jeug van vandag is die ouers van môre wat leiding moet gee en die bejaardes van oormôre wat ervaar dat hulle kragte verminder. Daarop moet ons as jeug ons voorberei. Wat nou gedoen word, is van groot belang vir die toekoms van my eie lewe asook vir die toekoms van die kerk. Dit is ’n tyd om voortdurend keuses te maak en koers te bepaal.

By die keuses kan die aanvegtinge egter groot wees. Hoe moet ek op allerhande dinge reageer? As jonger jeug is ons nog relatief onervare en dus ook kwesbaar. Allerlei vrae kom op my af. Daar is soveel moontlikhede vir ontspanning en vermaak. Moet ek afsydig daarvan bly, of die nuwe moontlikhede met beide hande aangryp? Dikwels voel ek ook nog onseker oor myself: liggaamlik, geestelik en emosioneel. Daarom kom daar soms ook die sterk wisselende gevoelens van uitgelate vreugde en groot verdriet, optimisme en pessimisme. Daarby kan daar soms ook die negatiewe gevoelens wees van eensaamheid, minderwaardigheid, hopeloosheid, boosheid, verveling, skuld, vrees en spanning. Aan die een kant moet ek meer op my eie bene begin staan. Aan die ander kant het ek ander nog so baie nodig. Ek wil aanvaar en gewaardeer word. GELUKKIG dat ek deel mag wees van die gemeenskap van die heiliges! Of ervaar ek dit nie so nie?

Wat is die gemeenskap van die heiliges

Die gemeenskap van die heiliges is ’n **opdrag**. Ons moet na mekaar omsien, ’n hand en ’n voet vir mekaar wees. Die gemeenskap van die heiliges is egter in die eerste plek ’n **gawe** van God. Hy bring dit tot stand en hou dit in stand. Hy het sy Seun gegee om die gemeenskap met ons sondaars te herstel. Hierdie gemeenskap is ’n baie innige lewensgemeenskap tussen God en ons en so ook tussen ons onderling.

Die heilige God wil dus in gemeenskap met ons lewe. Onvoorstelbaar! Daarom eis Hy ’n heilige en liefdevolle antwoord. Die groot gawe sluit ’n groot opdrag in. Gawe en opdrag, belofte en eis is onlosmaaklik aan mekaar verbind. As ek een van beide verwaarloos, word ek mank. Maar ek moet wel eers die gawe raaksien om die opdrag te kan waardeer. Kan ek in die lig van God se groot liefde ’n liefdevolle antwoord bly weier?

Die Here het my afgesonder om in heiligheid vir Hom te lewe. Om heilig te lewe is om anders te lewe. Om bly te wees, om te ly, om lief te hê, om selfbeheersing te hê – as Christen. Dis nie maklik nie. Dit is ’n lewenslange proses. Daarvoor het ek Christus nodig.

Om heilig te wees is slegs moontlik sáám met ander gelowiges. As jongmense in die bloeityd van ons lewe, ’n kwesbare fase, het ons mekaar nodig. Ons moet ons pad nog vir ’n groot deel uittrap. In Psalm 119: 9 lees ons die bekende woorde: “*Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u Woord.*” Maar om uit te vind wat die wil van die Here in konkrete situasies van die lewe is, het ons mekaar nodig. Dit is ook een van die redes waarom ons ook moet probeer om die bespreking op die verenigings *prakties* te laat wees. So help ons mekaar om vorm te gee aan ons lewe met die Here.

Christus se liefde as bron en maatstaf

In Johannes 15 sê die Here eers: *“bly in hierdie liefde van My”* (vers 9). **Eers** deel hê aan Jesus. Anders gesê: eers Jesus jou voete laat was (Joh. 13:5, 8). **Daarna** sê Hy: “*Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het*” (Joh. 15:12). Oftewel: As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was (Joh. 13:14). Die volgorde is belangrik. Eers as ek die liefde van die Here Jesus aanvaar, kan ek self liefhê soos Hy wil. In kort: Christus se liefde is die bron en maatstaf. Ek moet liefhê soos die Here Jesus dit gedoen het: dienend, nederig, as ’n slaaf. Om so te kan liefhê moet ek met die Here Jesus verbonde wees. Die geloof is die kanaal waardeur Sy liefde na my kan vloei en dan weer van my kan uitgaan.

Al die gelowiges om my heen is ’n geskenk, maar dit maak my nie altyd dankbaar nie. Waarom nie? Dis belangrik om bewus te wees van die struikelblokke. Miskien is ek bv. geneig om my 'n bietjie afsydig te hou. As ek kontak met ander soek, dan kan daar ook reëlmatig in my gedrag iets wees wat verwydering gee. Of ek word gepla deur die sondes van ander. Hulle hou my op ’n afstand. As ek bewus is van sulke struikelblokke kan ek daaraan werk om dit te oorwin deur selfverloënde liefde.

Christelike vryheid

In ons omgang met mekaar doen ons dikwels ’n beroep op die Christelike vryheid. Is dit omdat ek so lief is vir Christus of omdat ek so lief is vir my vryheid? Ek moet steeds oppas dat ek die Christelike vryheid nie as ’n masker gebruik om my eie gang te kan gaan en buite probleme te bly staan nie. Nadat Paulus gesê het dat alles aan ons behoort, vul hy dit aan met die woorde: “maar julle behoort aan Christus” (1 Kor. 3:21-23).

Die Christelike vryheid is geen onbegrensde vryheid nie. Dis ’n vryheid in gebondenheid aan Christus. Dit moet altyd uitgeoefen word in die kader van die liefde vir God en die naaste. Niks is in beginsel neutraal of onverskillig nie. My gedrag staan nooit op homself of los van ander dinge nie. Dit raak altyd God en meestal ook die naaste. Ek moet altyd met die situasie en die

gevolge van my dade rekening hou.

In die brief aan die Romeine, praat Paulus van sterkes en swakkes. Sonder dat ons mekaar as swakkes of as sterkes hoef te klassifiseer, weet ons dat ons mekaar nodig het om vry te wees. Die sterke het die swakke nodig. Danksy hom kan die sterke wys dat hy hom deur niks laat oorheers nie, maar dat hy werklik vry is as slaaf van Christus. Die beste bewys van vryheid is immers dat ek ter wille van iemand anders iets kan los wat tog wel geoorloof is. Die swakke het die sterke nodig. Om te leer om nie slaaf van die verkeerde te wees nie. Om te leer dat hy meer mag gebruik as wat hy nou kan verantwoord. Die swakke moet deur die sterke leer om koning te wees oor alles. So alleen is hy slaaf van Christus.

Drank op die kongres

Dit lyk asof dit 'n baie sensitiewe saak is. Daarom het dit ook baie reaksies uitgelok. Van verskillende kante is daar dinge gesê wat op sigself waar en waardevol is. Die moeite is egter dat niks in isolasie staan nie. Ons moet vanuit die groot geheel ('the big picture') hierdie dinge beoordeel. Die groot geheel omsluit God, ons geloofsgenote én die wêreld.

Op die kongres het ons 'n baie kwesbare groep: jongmense vanaf 16 jaar. Selfs ons regering erken die kwesbaarheid van die 16,17-jariges deur te reël dat geen alkohol aan hulle verkoop mag word nie. Laat ons onsself nie oorskat en ook nie die groepsdruk onderskat nie. Die feit dat daar jongmense is wat worstel met 'n alkohol probleem moet ook in gedagte gehou word. Help ons sulke mense deur wel alkohol te verkoop? Ons maak net hul stryd swaarder en belas hul gewete. Ten diepste weet hulle dat dit vir hulle beter is om heeltemal daarsonder te bly.

'n Ander relevante oorweging is watter getuienis uitgaan van so 'n gebruik van alkohol op die kongres. In ons samelewing wek dit blykbaar 'n negatiewe indruk. Asof selfs Christene geen plesier kan hê sonder die afgod alkohol nie. Ons moet daarmee rekening hou. Ons wil tog nie hê dat God se naam om ons ontwil gelaster word nie? Hy moet mos juis deur ons geëer en geprys word? Bowendien blyk dit dat ons op hierdie gebied 'n slegte reputasie opgebou het. Ons is op verskeie kampterreine nie meer welkom nie. As ons die kwessie in die breë verband sien, dan moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die jeugsentrale 'n goeie besluit geneem het in hierdie saak, al is alkohol as sodanig nie verwerplik is nie. Laat ons die besluit dan ook respekteer ter wille van mekaar en ons Christelike getuienis sodat die kongres 'n positiewe, opbouende ervaring kan wees.

Ons as jeug is 'n gemeenskap van die heiliges. So moet ons ook diensbaar wees aan die wêreld. Maar dan moet dit wel duidelik na vore kom wat karaktertrekke is van die gemeenskap van die heiliges. Eers as daar voldoende lig en liefde in die gemeenskap is, kan dit na buite toe uitstraal en mense uit die duisternis aantrek. Ons is immers die sout van die aarde en die lig van die wêreld! As die sout egter laf sou word en die lig dof, wat bly daar dan oor vir die wêreld? Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matt. 5:13-16).

IS JY GEREED VIR DIE NUWE MILLENIUM?

Hannes Bosman

Oor die algemeen is dit vir die mensdom 'n belangrike vraag, maar vir ons as Christene is dit nog belangriker. Hoekom sê ek so? Laat ek verduidelik: In ons hedendaagse, moderne samelewing waar daar elke dag "beter" dinge uitgevind en ontwikkel word, word dit al moeiliker vir Jesus se kerk om in vrede te funksioneer. Hierdie dilemma kom nie net as gevolg van ons omstandighede nie. Nee, inteendeel! Ons as jongmense wat deel uitmaak van die liggaam van Christus en wat verantwoordelik daarvoor is om sy gemeente te vergroot en dissipels van Hom te wees, dit is ons wat somtyds hierdie probleem vergroot!

Met die draai van die eeu wil veral die jeug allerhande nuwe dinge probeer, immers in 1 Thessalonicense 5:21 staan daar: "*Beproef alle dinge; behou die goeie*." Alles goed en wel, maar waar trek ons die lyn tussen goed en sleg?

Ons raak soms baie moedeloos oor hoe streng ons ouers en die Christelike lewe is, maar dis juis hierdie streng maatreëls wat ons bewaar van Satan en sy aanslae op ons lewens. Ons loop ons vas teen 'n muur van wette en reëls en kyk die ongelooflik baie "tips" wat Jesus ons gee heeltemal mis! Hier is 'n paar voorbeelde oor hoe om dinamiese, VRYE en vrolike dissipels van Jesus te wees: Jes 53:5, Matt 7:7, Luk 5:32, Joh 6:37, 10:29, Ef 6:10-17. Nou ja, al hierdie verse en nog baie meer en God het vir ons net **TIEN** gebooie gegee !!!

Kom ons vergeet van die bietjie reëls en fokus op al die goeie dinge en gaan as voorbereide, gewapende Christene die nuwe millenium in!

DRANK VERKOOP OP KONGRES…WAT SÊ DIE WET?

Annemarie Lubbinge

Ek mag drink wanneer ek wil, maar mag ek verkoop wanneer ek wil?

Ons het in vorige artikels gekyk na die morele en ook persoonlike aspekte van die verkoop en gebruik van drank op die kongres. Tog sal ons ook na die wetlike aspekte rondom die verkoop, koop en gebruik van drank moet kyk.

Die Drankwet, No. 27 van 1989 bepaal soos volg:

Artikel 154: Dit is 'n misdaad om:

- *Enige drank te verkoop sonder 'n lisensie.*
- *Dronk, gewelddadig of wanordelik te wees op enige perseel waar drank verkoop word.*
- *Enige drank op enige privaatperseel verbruik of besit sonder dat die toestemming van die eienaar vooraf verkry is.*
- *Valslik voor te gee dat jy bevoeg is om drank te verkoop, om sodoende drank te verkry om te verkoop.*

Artikel 163: Strawwe vir die oortreding van enige bepaling in die wet:

- *'n Boete, of*
- *Tronkstraf van tot 5 jaar.*

Indien 'n persoon wel 'n lisensie het, mag hy steeds net bepaalde tye van die dag drank verkoop en glad nie op Sondae, Goeie Vrydag en Kersdag nie.

Drank mag ook nie aan persone onder die ouderdom van 18 jaar, verkoop word nie.

As ons dus na die bepalings van hierdie wet kyk, is ons dus glad nie bevoeg om drank te verkoop nie, tensy ons 'n dranklisensie het en dan sal sekere voorwaardes en beperkings steeds van toepassing wees.

Die jeugsentrale het daarom, volgens my, 'n goeie besluit geneem dat daar geen drank op die kongres verkoop sal word nie. Tog was dit goed en nodig om oor die saak na te dink en daaroor te debatteer. Deur al die skrywes het ons mekaar beter leer ken en kon ons alle standpunte rondom die saak hoor en oorweeg om 'n eie opinie te vorm. Ook kon ons mekaar se geloof daardeur versterk

Die kongres kan en sal 'n sukses wees sonder drank, omdat ons die lewe kan geniet en kan ontspan sonder dat ons drank nodig het.

DOOPLIDMATE AAN DIE NAGMAAL?

Jopie van der Linden

Le Clué Nienaber het in 'n vorige uitgawe van **Die Olielamp** ‘n baie belangrike onderwerp aangeraak. Die onderwerp het gegaan oor die kindernagmaal, en ek wil graag nog bietjie verder daarop ingaan. Allereers omdat ons saam met mekaar deur hierdie jeugblad die weg van die Here mag soek. Verder omdat ons oor hierdie saak met die kerke rondom ons te make kry. (Soos julle miskien weet is die kinders deur die NG-kerk toegelaat tot die nagmaal, onder die verantwoordelikheid van die ouers.)

Ook vir ons moet dit erg wees dat daar kerke rondom ons is wat so wegdwaal van God se Woord en die belydenis van die kerk. En dan veral ook kerke wat dieselfde belydenis as ons het oor die nagmaal.

As deel van ons **belydenis** in die wêreld is dit natuurlik altyd belangrik dat ons met volle oortuiging sal bely wat ons glo op die plek waar God ons geplaas het. Maar dit gaan nie net oor ons verweer teenoor die kerke rondom ons nie. As ons bely, dan het dit ook ‘n ***inhoud***. Dit sê dat dit wat ons glo in ooreenkoms is met God se

Woord. Juis by hierdie onderwerp is dit belangrik, want sommige van ons neem alreeds deel aan die nagmaal, terwyl ander op weg is om belydenis te doen, om so ook deel te mag word van die nagmaal. *Hierdie onderwerp help ons dus om self (weer) te glo hoe ons die nagmaal moet gebruik.*

Wat sê 1 Kor. 11?
Dadelik moet ons besef dat ons hier met ‘n baie ernstige saak te make het. Selfs met ‘n ***lewensgevaarlike*** onderwerp. Daarvan lees ons in 1 Kor. 11:17-34. (In ons gesprekke met ander-kerklikes is dit goed om ook eers by die Skrif te begin, en daarna die belydenis te gebruik!)
Die gemeente in Korinthe het swakkes en sieklikes gehad, en sommige van hulle het alreeds gesterf (vers 30). Dit was dus nie sommer ‘n gewone siekte by ‘n paar mense nie, maar dit was duidelik ‘n plaag. En dit het hulle gekry omdat hulle nie die nagmaal van die Here reg gevier het nie. Dit was God se toorn oor die gemeente.

Nou hoef ons nie vandag op presies dieselfde manier te gaan soek na straf op hierdie sonde nie. Dit is duidelik genoeg dat God se toorn oor die gemeente gekom het, en dat ons dit vandag nog net so kan verwag oor gemeentes waar die nagmaal nie reg gevier word nie. Dit kan uiteindelik selfs daartoe lei dat God ‘n gemeente verwerp (al kan Hy nog enkele kinders daarin behou).

Ook hier is daar dus ‘n oproep om jou by die kerk van Christus te voeg, want alleen daar kan jy heil en seën verwag (vgl Art. 28 en 29 NGB)!

Die ***gemeente*** moet dus sy nagmaalstafel rein hou, maar tegelyk word elkeen ook op sy eie verantwoordelikheid gewys (vers 28). Ons moet onsself ***beproef*** voor ons aan die nagmaalstafel gaan, sodat ons op ‘n waardige manier van die nagmaal gebruik maak (vgl. ook die nagmaalsformulier). Hierdie waardige manier van nagmaal vier word in vers 24-26 verduidelik: Dit moet tot Christus se gedagtenis gedoen word, want die nagmaal is ‘n ***verkondiging*** totdat Christus weer kom, en: Iemand moet die liggaam van Christus kan ***onderskei*** (vers 27). (Die ander aspekte kan ons nie nou bespreek nie) Dit is dus wat van die nagmaalsganger verwag word: Hy moet ***verkondig*** en hy moet kan ***onderskei***.

Verkondig
As ons wil sien wat die woord ‘verkondig’ beteken, moet ons eers kyk na hoe hierdie woord in 1 Kor. 11 self gebruik word.
Dit wil allereers wys op die verkondiging van die liggaam en bloed van Christus (vers 24-25). Dit hou in dat ons ***glo*** alles wat Christus vir ons aan die kruis en tydens sy hele lewe verwerf het. Hierby kom ook dat ons in ander Skrifgedeeltes lees dat die **Evangelie** verkondig is (1 Petr. 1:25) en dat die **verbond** verkondig is (Deut. 4:13). As ons “verkondig” dan wys ons daarop dat ons die **hele** Skrif se inhoud wil glo.

Verder wys “verkondig” ook duidelik op ‘n ***belydenis***. Dit is waar dat ons na die nagmaal gaan om iets van die Gasheer te ontvang, maar ons doen ook self iets. Ons wys met die mond en daad dat ons alles glo wat in die Skrif staan. Ons doen hierdie belydenis saam as gemeente voor die hele wêreld: Ons behoort by Hom, en ons leef uit dit wat Hy aan ons gee! Want in die nagmaal het ons ***gemeenskap*** met Christus.

Teenoor die “kindernagmaal” is dit al baie duidelik dat ***eie keuse*** (deur God se genade) by die nagmaal ‘n baie belangrike rol speel. Kinders kan ook glo, maar het hierdie geloof ook altyd die ***inhoud*** en ***bewustheid*** wat nodig is? Om te kan verkondig moet ek werklik God ken, en dan nie net vanuit sy Woord nie, maar ek moet kan sê dat hierdie dinge waar is in my eie lewe. God vergeef nie net sondes nie, maar Hy vergeef ook ***my*** sondes!
Dit maak die kinders se geloof nie “minder” nie. God word ook deur hulle geprys. Maar daar kom ‘n tyd dat God van ons ‘n persoonlike belydenis vra, ‘n antwoord op ons doop. Ons word na die doop ***gedra***, maar ons ***stap self*** na die nagmaalstafel. Die nagmaal ***bring*** ons nie tot geloof nie, maar ***versterk*** die geloof wat alreeds daar is. In die nagmaal is daar ‘n klem op eie verantwoordelikheid en eie geloof. En dit wys ons deur die doen van ***openbare*** belydenis.

Die doop ontvang ons, maar dit het ‘n verpligting vir ons latere lewe: Geloof, liefde, ens. Ons ***moet*** tot belydenis kom (vgl. Deut. 21:18-21 en die artikel in die Kerkorde oor die tug oor dooplidmate). Pas dan kan ons toegelaat word tot die nagmaal (vgl. art 60 van die Kerkorde).

Die nagmaal gee ook niks “meer” as die verkondiging van God se Woord nie. Dit is anders as die prediking deurdat daar definitief ***opregte geloof*** moet wees om na die tafel te gaan.

Onderskei
Iets meer oor die “onderskeiding” wat van die nagmaalsganger verwag word (vers 29). In die konteks van 1 Kor. 11 moet die nagmaalsganger kan onderskei tussen die normale ete en die nagmaal. Hy

moet kan besef wat die grootheid van die maaltyd is, en van die gebeure wat hom afspeel tydens die maaltyd.
Omdat die nagmaal gemeenskap met God en met mekaar uitdruk, moet die nagmaalsganger die erns en wonder van hierdie gebeure kan besef en dit op ‘n waardige manier gebruik.

Die nagmaal verwag ‘n sekere ***volwassenheid in die geloof***, sodat dit ook werklik die geloof kan versterk. Vir iemand wat nie die betekenis van die nagmaal ***enigsins*** kan verstaan nie (wie van ons kan dit ten volle verstaan?), hy drink ‘n oordeel oor homself. Hy bring die toorn van God oor homself, en selfs ook oor die gemeente.
Vir hulle wat glad nie verstaan waaroor die nagmaal gaan nie, vir hulle is dit beter om eers te wag. Die nagmaal is nie nodig vir ons saligheid nie, maar mag op die regte tyd gebruik word om tot versterking van die geloof te wees. Daarom mag ons ook daarna verlang om dit te mag ontvang!

Daar hoef by ons ook geen angs te wees as ons die nagmaal met opregte geloof gebruik nie. Want by die egte gebruik van die nagmaal (na die doen van belydenis), is daar vreugde by God. En daarom moet daar ook vreugde wees in sy gemeente. Want dan is daar nog een wat die nagmaal gebruik tot eer van God, tot versterking van homself, en tot uitdrukking van eenheid met die gemeente van Christus op aarde.

NS – Ds Viljoen het ook oor die “kindernagmaal” geskryf in die Kompas Jr. 7 nr 5,7. Daarin het hy veral aandag gegee aan die verhouding van belydenis doen en nagmaal. Lees dus gerus maar ook (weer) die artikels van Ds Viljoen! Hierdie artikel het probeer om met die kort bespreking van 1 Kor. 11 die geheelbeeld oor kindernagmaal te vorm.

Voel jy ook so?

VROUEKLEDING

Jan van Houwelingen

“Tjie, check’a daar gaan daai dolls weer. Check daai, ens!” Riaan lê met sy vriende in die duine. Van agter hulle sonbrille hou hulle die groepie meisies met die skrale bikini’s dop. Michelle en haar vriendinne is deeglik bewus daarvan en loop al heupswaaiende vir die soveelste maal verby die groep seuns.

Beslis ‘n bekende beeld op die volgepakte somerstrande van Suid-Afrika. Dit laat my elke keer weer dink aan vroue wat kla oor verbale seksuele geweld op werksvlak en in die strate. Maar vra hulle nie daarvoor, deur hulle te klee soos hulle hulself klee nie?

Ek is gevra om oor vrouekleding te skryf. Ek sal egter nie my rekenaar se geheue mors aan die debattering oor die wel of nie dra van broeke en kort hare nie. Vir my is dit egter wel belangrik om stil te staan by die eerbaarheid en kuisheid wat die vrou (1Tim.2:9 en Tit.2:5) óók in haar kleredrag moet uitstraal.

Eerstens die kleredrag van die vrou as sy kerk toe gaan. Almal stem seker saam dat ‘n mens netjies en feestelik geklee kerk toe moet gaan. As klein dogtertjie trek jou ma jou al die fleurigste rokkie aan, al gaan jy nog maar net oppasdiens toe. Ja, want dis Sondag – die feesdag van die week, die dag waarop ons spesiaal stilstaan by die Here se werk. Ons gaan nie netjies geklee kerk toe omdat dit **moet** nie, maar omdat dit **mag**. Dit is mos uitstraling van ons dankbaarheid en blydskap teenoor die Here.
Die kerk is nie die geskikste plek om ‘n sogenaamde *statement* te maak deur byvoorbeeld klere aan te trek wat eintlik nie gebruiklik of aanvaarbaar is nie. Hier dink ek aan denims, tekkies of toppie wat al bo die naeltjie ophou. Deur ons so te klee is ons besig om mense te ontstel en werk jy skinder in die hand. By elke gemeente sal die grense van aanvaarbaarheid sekerlik verskil, daar behoort dus (vir sover dit op goeie prioriteite gebaseer is) by aangepas word. Ons gaan uit dankbaarheid kerk toe. Gedryf deur die Heilige Gees en nie deur ‘n gees van “laat-ek-wys-wat-ek-durf” nie. Dit mag ons gerus in ons kerkdrag uitstraal.

In die alledaagse lewe is ons klere meestal anders, behalwe natuurlik as “elke dag is ‘n fees” jou lyfspreuk is. Daar is wel een reël waaraan ‘n vrou haar ook in hierdie situasies moet hou. Sy moet eerbaar en ingetoë voor die dag kom. Omdat die vrou nie meer uit die werksplek gedink kan word nie, sal ons die beste van hierdie saak moet maak.
Die gemengde werksomgewing het m.i. ‘n groot rol in

die hoë egskeidingsyfer in ons land gespeel. Man en vrou probeer deurentyd om mekaar te beïdruk ook op liggaamlike gebied. ‘n Vrou sal haar byvoorbeeld so klee en opmaak dat haar sg. bates die meeste tot hul reg kom, sodat sy komplimente van haar kollega kan kry. ‘n Christenvrou moet ook hierin geheel anders wees. Dis beter as sy nie in piepkort mini’s, lae halse en wat nog wel nie meer verleidelik is nie, werk toe gaan. Daar word wel gesê dat vrouens die swakkere geslag is, maar in sulke situasies is mans pas regtig swák. En, dit is beter om oor jou goeie werksetiek besing te word as wat jou bene, boude of oë befluit word.

Ek pleit nie vir die terug keer na die Victoriaanse tyd nie, dit was ook weer oordryf, maar laat ons nie deur die mode, tydsgees of mansmense gedruk word nie. Laat God ons Here wees (trouens Hy ís ons Here!) en Hy beveel die vrou om kuis en eerbaar te wees. Dan is dit ook die beste.

GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES PER E-MAIL!

Johannes de Vries

Ek het die volgende e-mail *na verskillende mense gestuur. Ek plaas dit saam met die verskillende reaksies daaroor. Sal julle ook asseblief hierop reageer?*

Met hierdie *e-mail* poog ek om die gevoel van verskillende mense te kry oor die moontlikheid om 'n soort vraag / antwoord / opmerking / Bybelstudie adreslys op te stel waarby verskillende Bybelse aspekte bespreek kan word.

Die idee is om 'n lys van *e-mail* adresse te genereer van almal wat belangstel om deel te neem. Die soort inligting wat dan na hierdie lys versprei kan word is soos bv. die volgende: interessante vrae wat op jeugverenigings bespreek word, *e-mails* oor Christelike gebeure of gebede of versoeke wat ontvang is, en veral reaksies van verskillende mense op sulke *e-mails*, interessante artikels, boeke of *web pages* wat ontdek is, of vrae wat ons in ons alledaagse lewe mee in aanraking kom of moeite mee het.

Die vrae en reaksies kan desnoods op 'n *website* gestoor word vir nuwe lede wat deel wil wees en vir latere terugverwysings.

Hierdie idee kan selfs 'n Bybelstudie vorm aanneem waarby verskillende gedeeltes behandel word soos bv. Calvyn se institusie, of wat ookal.

Enige idees ten opsigte hiervan is baie welkom hetsy positief of negatief. Hierdie *e-mail* tesame met die reaksies daarop wil ons dan in die **Olielamp** plaas. As u u reaksie hierop nie geplaas wil hê nie, sê dit asb. duidelik.

Ons hoop dat hierdie idee sal saamwerk aan die opbou van God se koninkryk.
Groete Johannes de Vries.

Welma (Bethal) reageer:
Dankie vir die inisiatief! Ja, ek sal graag wil deelneem aan so 'n aksie. Ek dink daar is 'n groot behoefte by die jonger geslag om as Christene in die tyd waarin ons leef Christus voluit te dien. So 'n internet-bespreking en Bybelstudie waarin ons gedagtes met mekaar kan deel, sal hiertoe bydra. Ek het wel wonderlike "websites" ontdek onder die naam "reformed"- sal later die adresse stuur - dit is gereformeerde "websites" waar jy met Christene oor die wêreld kan kontak maak en waardevolle inligting verkry.

My gebed is dat die Here hierdie poging sal seën sodat ons as gelowiges mekaar kan bemoedig, vir mekaar kan bid en mekaar in die waarheid kan versterk.

"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God." 1 Pet. 4:10

Jan de Mooij
Puik idee! Wou net voorstel dat julle dit nie per *e-mail* doen nie, maar eerder op 'n 'newsgroup'-manier of iets dergelyks. Miskien selfs as 'n soort diskussie forum op die *website* van die VGK. Voordeel is dat jy daarna kan gaan kyk wanneer jy wil, en dat alle reaksies per onderwerp gegroepeer is.
Ook verhoed dit gevalle van "ooops - daar e-mail ek daai 4MB dokument alweer vir almal ... "

Maryke van der Eems
Briljante idee, Johannes - count me in!

Klink vir my na 'n baie gepaste manier om ook God

se Woord te bestudeer in die (amper) 21ste eeu!

Monique Visser
Wow, ek is beïndruk met die idee. Ek sal graag deel word van so 'n groep. 'n Mens kan dalk dink aan so iets soos 'n Christelike 'chatroom'. Omtrent driekwart van ons jeug hier in die Kaap het toegang tot *e-mail* (en die helfte tot Internet), en baie keer het ons maar ook onbeantwoorde vrae na 'n jeugvereniging. Partykeer is dit 'n gebrek aan kennis (en dit is een van die groot swakhede) of soms is die mense te skaam om te vra. 'n Voorstel wat ek graag wil maak: Hou dit asb. van toepassing op ons daaglikse lewe. Baie sukkel om geloof hul eie te maak omdat hulle voel hulle is nie regtig betrokke daarby nie a.g.v. veranderde tye (wat ek daarmee bedoel; die Bybelse tyd en ons tyd verskil nogal hewig). Baie sterkte!

Anne Groenwold
Klink goed!,

Iman van den Bout
Dit klink na 'n gawe idee. Daar is altyd tyd om *mail* te lees en te beantwoord. So, om op hierdie wyse ook in kontak met mekaar te bly veral aangaande ons geloof is verseker die moeite werd. Dit is al lank nodig dat die kerk in die nuwe tegnologie ontwikkel om ook daar gehoor en gesien te kan word. 'n *E-mail* forum is daarom 'n baie goeie begin.

Sit my maar op die lys.

Willemien Kleyn
Ek het 'n bietjie ervaring met hierdie tipe *e-mail* forums. Daar was 'n paar jare terug een wat *SkreedNet* geheet het. Dit was 'n internasionale studente forum. Op die ou end het dit 'n bietjie baie rustig geword (niemand het dit meer gebruik nie) en is dit toe gesluit. Daar is ook *Refmail*, wat 'n Australiese versie van *SkreedNet* is. Maar lidmate van enigeen van die susterkerke van die FRCA is welkom. Ek weet daar is nou al 'n paar mense van Kanada en Suid-Afrika wat nou ook ingeskryf is. Hierdie forum funksioneer partykeer goed, partykeer glad nie (niemand sê enigiets vir 'n lank periode).

Dit is natuurlik maklik moontlik om so 'n forum te hê, maar dan moet almal ook bereid wees om probleme te bespreek. Sou dit nie miskien 'n goeie idee wees om saam te werk met *Refmail*, sodat ons internasionaal mekaar kan help? Aan die ander kant, as daar minder mense betrokke is by 'n diskussie forum, sal hulle dalk meer insette lewer....

Sê maar wat julle wil doen. Ek kan julle die adres van *Refmail* gee as julle belang stel.

Axel Hagg
Baie goeie voorstel. Go ahead!

Hermien Bijker
Baie goeie idee! Wanneer begin ons?

Andreas Boon
Dis 'n goeie idee. Waarom sou ons nie die elektroniese wêreld ook daarvoor kan gebruik nie. Ek stem wel saam met Willemien Kleyn dat daar op tye moontlik min kommunikasie sal wees. Mense wat werk en *e-mails* by die werk lees, het nie altyd die tyd om op alles wat hy kry te reageer nie. Miskien kan mens iemand kry wat wel die tyd daarvoor oor het om werk daarvan te maak en dan vrae of besprekings aan mense te stuur. Dan het jy 'n sentrale persoon wat so bietjie in beheer is en dinge bietjie aktiveer.
Dis maar net 'n voorstel!

MOENIE BANG WEES NIE!

Christine Scheltens

Daar is baie goed in die lewe waarvoor ek bang is, soos om te verdrink, ’n vuurdood te sterf, verkrag te word, brandarm te wees, en dis maar net ’n paar van my vrese. Daar is nog ’n hele lys wat ek kan byvoeg. Die dood is die ergste wat met ’n mens kan gebeur.

Christus het egter die dood oorwin, die dood het geen houvas meer op Hom nie, waarom is ek as gelowige dan nog bang? Christus se troos aan my is dat Hy alleen die sleutels van die dood en die doderyk besit. Hy alleen sal besluit of Hy oop of toe sal sluit, die Satan het geen mag daaroor nie. Dis eintlik die tweede dood en alles wat daarmee saamgaan waarvoor ek bang is. Maar in Openb. 20:6 staan: "Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees."

Ons moet vashou aan die woorde: Moenie bang wees nie! Daar is baie tekste in die Bybel met hierdie woorde, lees maar Matt. 14:27 – toe Jesus op die see geloop het, Matt. 28:10 – na Jesus se opstanding, Openb. 1:17 teenoor Johannes. Dis maar enkele

voorbeelde. Christus het oorwin en ons is deel van daardie oorwinning. Ons hoef nie gedurig in vrees te leef vir iets wat dalk op ons pad mag kom nie.

'n Ander ding wat my werklik bang maak, is as ek nadink oor die ewige lewe. Ek met my klein, sondige verstand kan die ewigheid, reinheid en goedheid van die ewige lewe nie eers 'n klein bietjie verstaan nie, en daarom maak dit my bang. Die hele begrip ewigheid, sal ons in hierdie lewe nooit kan begryp nie, ons verstand en denke eindig daar waar ons doodgaan.

Ons hoef nie gedurig in vrees te leef vir iets wat dalk op ons pad mag kom nie.

Ons moet egter gretig wees vir die wederkoms van Christus. In Openb. 22:17 staan: "Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor moet sê: "Kom!" Die probleem is dalk dat ons te vas gegroei is aan die wêreld. Ons het hier alles en alles is bekend, waarom sal ons sug dat die wederkoms moet kom?

Ons verwagting moet egter lewend wees en omdat dit meestal nie die geval is nie, lyk ons lewens soos dit lyk. In Rom. 13:12 staan pragtig geskrywe: "Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord." Ons lewens moet in orde wees as Jesus weer kom, en ons moet met eerlikheid kan sê: "Kom, Here Jesus, ja kom!" Christus sê self in Openb. 22:20: "Ja, Ek kom gou!"

Internasionaal

VEG VIR JOU GELOOF!

John Boot en Timo Verhoudt

Inleiding
Hierdie artikel kom uit 'n spesiale uitgawe waar Australië, Nederland en Suid-Afrika saamwerk. Dieselfde artikels verskyn in die REFORMANDA se jeugafdeling van Nederland, die CONTENDER van Australië en OLIELAMP van Suid-Afrika, natuurlik in drie verskillende tale. Hierdie artikel konsentreer rondom die tema 'Veg vir jou geloof' na aanleiding van Judas vers 3. Ons fokus dan veral op die woorde '*…om kragtig te stry vir die geloof …'* . In Engels: 'Contending earnestly for the faith…' - dit is dan ook waar CONTENDER sy naam gekry het. In hierdie inleidende artikel neem ons Judas as uitgangspunt.

Judas waarsku
Judas skryf sy brief om sy lesers op te roep om vas te hou aan die ware geloof, hy waarsku hulle ook om op te pas vir valse leraars en mense wat graag die spot met die Christelike geloof dryf. Judas is nie die enigste gelowige wat ons waarsku nie - Christus het toe Hy nog op aarde was ons gewaarsku teen valse leraars wat 'n dwaalleer verkondig (Matt. 24). Ook die apostels Paulus en Petrus sê dieselfde (2 Tim., 2 Pet.).

Judas se waarskuwing is nie 'n voorspelling van wat nog moet kom nie. Hy praat oor dit wat al konkreet aanwesig is. Ons lees in vers 4 *'Want sekere mense het ingesluip…'*- hierdie mense maak misbruik van God se genade. Hulle skuif die Here se wette en gebooie eenkant toe en volg hulle eie sondige wil. Sulke mense beroep hulle op hulle vryheid - Ons is tog almal tot vryheid geroep, nie waar nie? Hulle gebruik hierdie oproep tot vryheid as dekmantel vir hulle sondes, maar verloën so ons God en onse Here Jesus Christus.

Betrokkenheid
Judas waarsku sy lesers omdat hy betrokke is. Hy begin sy brief met: *'… aan die wat geroep, in God die Vader geheilig en vir Jesus Christus bewaar is'* vers 1 en dan, *' Mag barmhartigheid en vrede en liefde vir julle vermenigvuldig word!'* vers 2. En aan die einde van sy brief, vers 20 en 21 *'Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag.'* So kom Judas tot 'n bewoë oproep tot sy lesers om tot die uiterste te stry vir die geloof, wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Hy wys ons d.m.v. voorbeelde oor die uitwerking van dwaallering, en hoe ons vir ons geloof moet stry.

Voorbeelde
Die eerste voorbeeld gaan oor die Israeliete (vers 5). Die Here het hulle uit Egipte verlos - soos Hy beloof het. Maar toe hulle hul ongeloof en ongehoorsaamheid laat blyk het, kon die meeste van hulle nie die beloofde land binne gaan nie. Alhoewel die Israeliete God se grootheid gesien en ervaar het,

was hulle ongehoorsaam. Die rede? - Hulle ongeloof. Hulle wou hul gedagtes en gedrag nie laat lei deur geloof wat van hulle verwag word nie. Tog het hulle hulself nie as ongelowiges gesien nie.

Die tweede voorbeeld kom uit die engele wêreld (vers 6). 'n Deel van die engele, wat deur God geskep is, het ontrou geword - hulle leier was die Satan. Alhoewel hulle in God se teenwoordigheid geleef het, word hulle ontrou. Ook hulle laat hul nie lei deur hulle geloof nie. So word hulle ongehoorsaam.

As derde voorbeeld gebruik Judas Sodom en Gomorra (vers 7). Hoewel hierdie twee stede nie by God se volk behoort nie, is hulle sy skepsele en straf Hy hulle vir hulle sondes. Hulle het ontrou geword aan God en hulle gedrag getuig daarvan, daarom straf die Here hulle. Dit is ook vir ons 'n teken. Ons lees in Gèn. 18: 17-19 *'Daarop sê die Here: Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen, terwyl Abraham tog sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word?* ***Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis na hom bevel sou gee dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid en reg te doen sodat die Here oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.'***

Sondes

Bogenoemde is voorbeelde van sonde teen beterwete in - moedswillig. Onder hierdie voorbeelde van moedswillige sondes sluit Judas ook die mense in wat die gemeente binne gesluip het. Judas gebruik besonder harde woorde, ons lees hiervan in vers 8 - 13. Die profesie van Henog sluit hierby aan (vers 14b en 15)



'Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.'

Hierdie mense het dieselfde pad as Kaïn gekies, Kaïn het die Here nie liefgehad nie, sy offer het nie uit sy hart gekom, en daarom het God dit nie aangeneem nie. Kaïn bekeer hom nie en vermoor sy broer. Hierdie mense lyk ook soos Bileam, wat hom laat verlei het om die volk Israel te vervloek. Hy doen dit omdat hy uit was op selfbehoud - geld en goed.

Hiedie mense maak hulle skuldig aan 'n verset soos Korag, hy en sy manne verset hulle teen Moses en daarmee saam teen die orde wat God ingestel het. Hulle gebruik vrome woorde om hulle dade te regverdig. In Numeri 16:3 lees ons *'en hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en die Here is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die Here?'* Ook hier geld weer: Mense sondig teen hulle eie beterwete in, ondanks duidelike waarskuwings.

Geloof

Judas waarsku sy lesers teen sulke goddeloses. Sy lesers moet oppas om nie saamgesleep te word en so ook in die sondes te val nie. Judas wys hier hoe hulle versigtig moet wees deur te let op die bron, die oorsaak van die moedswillige ongehoorsaamheid. Die oorsaak is ongeloof, soos ons in bogenoemde drie voorbeelde gesien het, hoe God ontken word. Ongeloof beteken hier om God nie te ken of te wil ken soos Hy Homself bekend gemaak het nie. Die ongeloof lei tot dwaalleer en tot 'n bewuste en aktiewe sondige lewe. Daarom roep Judas sy lesers op om tot die uiterste te stry vir die geloof wat eenmaal aan ons oorgelewer is - dit is die Evangelie van die Koninkryk, die leer van die apostels en profete. Die inhoud van ons geloof moet ooreenstem met die Woord van God. So begin ons dan 'n gelowige denkwyse en lei dit tot gehoorsaamheid waar geloof beskerm en bewaar word. Valse en verkeerde geloof maak ons blind en lei tot verderf sonder dat dit iets vir ons beteken.

Inspanning en stryd

Ons moet onsself inspan om getrou in waarheid God te ken en bely. Net dan kan ons God na regte leer ken en bely. Dit beteken dus dat al ons doen en late op die Bybel, die woord van God, gebaseer moet wees. Verder moet ons die waarheid liefhê, omdat ons God liefhet. Die belydenisgeskrifte help ons om God reg te ken deur 'n oorsig van die Evangelie te gee. So wys dit die pad van verlossing, en leer ons wie God is. Wie Christus en die Heilige Gees is. Wie ons is, en wat God in Christus vir ons gedoen het.

Hoewel die belydenisgeskrifte in 'n sekere tyd geskrywe is, en dit ook in die verwoording en onderwerpe na vore kom, beteken dit nie dat die sake

waaroor dit handel tydsgebonde is nie. In ons belydenisgeskrifte gaan dit oor die belyding van die hoofpunte van ons geloof, soos dit in die geskiedenis vasgestel en bely is, en nou nog vir ons geld. As ons dan tydsgebonde opmerkings en verwysings ontdek, gee dit ons die geleentheid om ons te verdiep in die kerkgeskiedenis en hoe ons voorouers in hulle geloof gestry en bely het.

Elke keer wat ons die Bybel lees, word ons oë weer op God gerig en begin ons gelowig dink en optree. Ons lees in Romeine 12:2 hieroor: *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welvallige en volmaakte wil van God is."*

Hierdie inspanning bring dan ook stryd saam. As ons hier van stryd praat, dink ons nie aan 'n stryd met 'n ander persoon nie, maar 'n stryd met onsself. Die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur val ons gedurig aan. Op 'n vraag aan Jesus, oor die min mense wat gered word, antwoord Hy: *"Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie."* Lukas 13:24.

In 1 Timòtheus 6:11,12 lees ons: *"Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag na die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Stry die goeie stryd van die geloof, gryp die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuienis afgelê het."*

Daar word dus van ons verwag om getroue getuies van God te wees, al word ons met dwaalleringe en ongelowigheid gekonfronteer. Dit beteken dat ons duidelik en konsekwent, maar ook in liefde ons geloof moet bely. Dit verg baie oefening. Ons kan dit slegs doen as ons onsself ken en weet dat ons nie vir ons eie saak stry nie, maar vir die Here, wat die beslissende einde sal bepaal. As ons getuig mag ons die persoon vir wie ons getuig nie veroordeel nie, selfs die aartsengel Migael durf nie die duiwel, terwyl hulle oor die liggaam van Moses twis, veroordeel nie, maar sê: "Die Here bestraf jou!" (vers 9).

Mekaar help

Ons moet ons deur die woord van die Here laat lei. Dit doen ons deur die gemeenskap in die kerk van alle tye en plekke, 'n gemeenskap wat hulle deur God laat lei in die geloof wat in die belydenisgeskrifte vasgestel en bely is. Ons bely van hierdie geskrifte dat hulle in alles met God se woord ooreenstem.

Om hierdie doelwit te bereik wil ons - CONTENDER, DIE OLIELAMP en REFORMANDA - ons kragte saam snoer om alle lesers te help om vas te staan in die geloof, om in diens van die Here te leef. Die oproep bly: "Die koninkryk van die Here is naby, bekeer jou!" Dit gee rigting aan die lewe en ons gebed, dit is ook die leidraad as ons skryf.

Ons wil dit alles doen in die geloof, daarom bely ons saam met Judas in vers 24, 25: *"Aan Hom wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! AMEN."*

Vertaal en verwerk deur Wilma Lubbinge.

"NEUTRALE SONES"?

K Schilder

"*Maar ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isebel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.*"
Openb. 2:20 [geskryf aan die kerk in Thiatire].

Comfort zone?

Almal praat deesdae van "comfort zones". Elkeen van ons interpreteer hierdie begrip waarskynlik effens anders. In hierdie artikel kom die vraag na vore of daar ook so-iets in ons lewe kan wees soos "neutrale sones", m.a.w. areas waar ons ons nie laat voorskryf nie - ook nie deur God nie.

Die verbond: 'n regsituasie

Die profeet Miga het aan die volk Israel die "huisreëls" of voorwaardes van die verbond voorgehou. In die verbond is daar twee partye: Jahweh en die volk Israel. Die beloftes en bedreigings van die verbond laat 'n mens dink aan die situasie by 'n hofsaak. God is die een Party en die volk die ander party. Die volk moet aan God se voorwaardes voldoen. God lê beslag op hulle hele lewe. Alle, maar ook alle situasies in hul lewe lê

onder die klem van die verbond, die regsverhouding waarin die volk tot God staan.
Hierdie Ou Testamentiese proklamasie van Miga geld ook in die Nuwe Testament en word daar ook vervul.

Daarom is dit Christus self wat in die jong Christelike kerk aan die sewe gemeentes in Asië die erns van hierdie regsgeding van God aan hulle voorhou.. Hy dikteer aan Johannes op Patmos aan elk van die gemeentes 'n brief. As die jong groeiende gemeentes nie onder die besef kom van die erns van God se verbondsreëls nie, sal hulle nie tot volle ontplooiing kan kom nie.

Die gemeente in Thiatire en die gildepartytjies
Thiatire was 'n goeie voorbeeld hiervan. Daar was lankal baie onenigheid in die gemeente. In daardie tyd is daar gereeld publieke gildepartytjies gehou. 'n Gilde is 'n vereniging van mense wat dieselfde vak of beroep beoefen. So het 'n mens in daardie tyd 'n slagtersgilde, 'n wewersgilde of 'n pottebakkersgilde gekry. Die gildes het nogal 'n belangrike plek in die samelewing gehad. Ja, elke gilde het ook sy eie afgod gehad. As daar dan, sê maar jaarliks, so 'n gildepartytjie gehou is, was een van die hoogtepunte op die program 'n lekker uitgebreide maaltyd. Gewoonlik is die vleis op die menu eers in die afgodstempel aan die afgod geoffer - dit was tog 'n feesdag vir die gilde, en die afgod moes daarvoor die eer kry.

En saans - die partytjies is gewoonlik buite in die tuin gehou - het die wyn en die geroesemoes van die mense jou lekker laat voel. Tussen die mans en vrouens van die gilde, en die ouens en die meisies, het dinge gebeur wat nie eerbaar was nie.

Aanvanklik was hierdie gildes heeltemal heidens. Stadigaan het daar ook Christene op die ledelyste verskyn, omdat van hulle ook pottebakkers of wewers was. Daar is toe geprotesteer teen hierdie partytjies - in die gildes self, maar ook in die kerk onder die gemeentelede. Sommige gemeentelede het probleme gehad om van die vleis te eet wat eers by die heidenpriesters 'n draai gemaak het. Buitendien het hulle, as kerklede en gildelede, nie die vrymoedigheid gehad om saam met hulle kinders die wilde aandpartytjies by te woon nie. Die "voedsel" het nie reg gelyk nie, en so 'n "lewe" net so min.

Maar, 'n ander deel van die gemeente het hierdie beswaardes as spelbrekers in die gilde beskou. Hulle was nou regtig veels te presies. Die gilde was tog 'n neutrale organisasie? Jy moet tog kan onderskei tussen gildesake en kerksake? Die kerkmense kon maar gerus 'n bietjie gemakliker raak - sulke partytjies is nou regtig nie die ergste nie. Want, wat die "voedsel" betref, almal weet tog dat 'n afgod absoluut niks beteken nie? Op die ou einde het 'n mens tog maar met doodgewone vleis te doen. En wat die vrye "lewe" betref: Christene moet regtig nie so eenkant wees en alle bande met hulle volks- en vakgenote verbreek nie. Christene staan tog in die vryheid en is volkome vrygemaak?

Die Nikolaïete en hulle teorie
Om alles te kroon het die Nikolaïete-sekte bygedra dat die onenigheid in die gemeente nog vererger het. Die leier van hierdie sekte, Nikolaus, was self wel 'n ingetoë man, en sy dogters ook. Maar, so kan ons aflei uit gegewens van Nikolaus se tydgenote, hy het ontsettend teoreties geredeneer. Hoewel hyself ingetoë was, wou hy graag ruimte laat vir mense wat anders oor dinge gedink het. Sy leuse was: "voedsel" en "lewe" in neutrale sones. Met ander woorde, probleme rondom vleis wat aan afgode geoffer is, of vrae oor die leefstyl - al hierdie vraagstukke val eintlik in 'n neutrale sone, of noem dit middelmatige sake. Dit is dus sekere vraagstukke waaroor daar in die Bybel geen uitdruklike gebod of 'n duidelike uitspraak staan nie. En, by gebrek aan bindende voorskrifte, moet ons mekaar die vryheid gun.

Heelwat gemeentelede in Thiatire het maar alte graag gebruik gemaak van hierdie gemaklike standpunt. Dit het hulle uitstekend gepas. Hulle lewenspraktyk kry nou sommer 'n wettige teoretiese basis. Skerper gestel: hulle het voordeel getrek uit die feit dat daar sulke middelmatige sake of neutrale sones bestaan het. En wie kon nou iets teen hulle inbring? As daar nie 'n spesifieke Bybelse voorskrif was nie, kon hulle hulle vryheidsirkel so groot trek soos dit hulle gepas het. Watter kerkraad kon hulle daarin voorskryf?

Op die ou end is die saak so ver gedryf dat daar in die gemeente in Thiatire 'n baie invloedryke vrou opgestaan het wat die teorie van Nikolaus in die publiek verdedig en gepropageer het. Die kerkraad van die gemeente het dit nie goedgekeur nie, maar wel toegelaat. Hierdie vrou het dit in die praktyk so ver gedryf dat haar volgelinge rustig aangesit het by die heidense offermaaltye. Hulle het hulleself seksueel te buite gegaan, ook met hierdie einste vrou.

Pas op!
Dit wat in Thiatire gebeur het , moet vir ons 'n waarskuwing wees. Wanneer iemand by 'n sekere saak nie weet wat die wil van die Here is nie, moet hy nie voordeel daaruit trek nie. Hy moet probeer om

hom te verdiep in die werklike bedoeling van die Woord en wet van die Here. Hy moet nie 'n brutale houding hê en homself nie bo hulle verhef wat 'n versigtige benadering het nie. Daar mag nie 'n stryd wees teen versigtigheid nie, maar alleen teen 'n verkeerde uitleg van die wet. As jy nie met hart en siel die werklike bedoeling van die wet en die wil van die Here soek nie, maar wel onversigtig lewe, maak jy 'n aanslag op die heiligheid van die verbond. En in die verbond het ons te doen met die regsgedinge van die Here.

Daar is gelowiges wat met ‘n pasklaar-teorie hulle losbandige leefstyl regverdig. Hulle probeer agteraf hul eie grille en luste met 'n vroomklinkende teorie bedek. Hulle bewys daarmee dat hulle nie vir God se wet bewe nie. En daarmee minag hulle die regsbepalings van die verbond.

Kom ons kyk wat sal in die hof gebeur wanneer daar onsekerheid bestaan oor die toepassing van die wet op ‘n bepaalde punt. As die advokaat, die regter of ‘n party dan in so ‘n geval dan eiewillig hierdie onsekerheid uitbuit, gaan die hele saak vir seker in korrupsie eindig.

As ons dan besef dat God se verbond met sy volk ‘n regskarakter dra, sal ons ook verstaan dat daar ook binne die verbondsgemeenskap, die kerk, korrupsie sal intree as mense wil voordeel trek uit die sogenaamde “neutrale sones.”

Al weet ons nie presies wat God **sê** nie, dan moet ons eerste vraag wees: Wat **dink** God en wat **wil** Hy **hê**? As ‘n mens God se **wil** geringag sodra jy ‘n **kansie** sien omdat daar nie voorgeskrewe “letter” is nie, dan word jy ‘n letterkneg. En erger, jy ruil die **verbond** met God vir ‘n **kontrak** met ……. ‘n vyand wat jy wil fop. Wee jou as jy jou God soos ‘n “vyand” behandel…

Die idee vir hierdie artikel in die gesamentlike uitgawe kom uit Australië.
Vertaal en verwerk deur G.F. Boon uit: *Schrift overdenkingen deel II, 1957*

WAT HOU DIE NUWE MILLENIUM VIR ONS IN?

Gerhard Bijker

Ons is vandag al minder as 100 dae vanaf die berugte eeuwisseling. Daar word baie geld aan spandeer. Party mense wil die groot oomblik op ‘n spesiale manier vier, terwyl ander nagte om werk om die rekenaarstelsels reg te kry vir die groot oomblik. Hoe moet ons as Christene daarteenoor staan? Wat moet ons dink van al die gespook en gespartel?

Die jaar 2000 probleem
Die jaar 2000 probleem is ‘n mensgemaakte probleem wat ontstaan het a.g.v. besparings wat in die vroeëre rekenaartyd getref is. Dit was baie duur om ‘n jaar as 4 syfers te stoor, en daar is besluit om net twee te gebruik. 1970 is dus voorgestel as 70. As die voorstelling van jare in berekenings gebruik word kom die probleem in.

Om dit te illustreer, kyk na die volgende elementêre probleem waarmee banke gekonfronteer kan word. Gestel die formule om rente vir 'n aantal jare te bereken is soos volg geprogrammeer:
rente = (eindjaar - beginjaar) * rentekoers * bedrag

Rente vir die periode 1998 tot 1999: (99 – 98) * 15% * R1000.00 = R150.00. Jou balans aan die einde van die jaar staan dus op R1150.00 As die formule egter in die jaar 2000 toegepas word, lyk dit ‘n bietjie anders: (00 - 99) * 15% * R1000.00 = R-14 850.00 Jou balans vir die einde vir die jaar is dan R-13 850.00. Oeps! Jy het nog gedink jy het so ‘n paar spaarsente, maar ewe skielik skuld jy meer as wat jy ooit van gedroom het.

Natuurlik strek die probleem verder as net die banke. Daar is in die afgelope paar dekades baie programme geskryf wat soortgelyke probleme in die gesig staar. Die omvang van die probleem is egter debatteerbaar. Daar is ook tussen die slimkoppe groot verskille wat die omvang aanbetref. Die een reken dit sal geen invloed hê nie, terwyl ander weer meen dat die 1000-jarige vredesryk op hande is. Wat egter wel waar is, is dat die onkunde van Jan Publiek deur baie skurke misbruik word om hope geld te maak. Myns insiens lê die grootste probleem by die vreesbevange mense, en natuurlik hulle wat dit uitbuit.

Die vraag wat bly staan is dié van ons houding. Wat moet ons as Christene nou doen? Soos paniek bevange hoenders vir die ergste voorberei, of soos ‘n volstruis sy kop in die grond steek? Daar is twee aspekte waarna ons moet kyk:

- Vertroue op die voorsienigheid van God
- Menslike verstandigheid

Vertroue
Ons bely ons afhanklikheid teenoor God as ons bid *"Gee ons vandag ons daaglikse brood"*. Die bede praat egter net oor *vandag* en nie oor die verre toekoms nie. Die Here Jesus wil ons leer: Jy kry nie meer as net vir vandag nie. Jy sal vir môre jou vertroue op God moet stel. Wie meer sekerheid wil hê as dit, handel dwaas.

Die Here Jesus gebruik die voorbeeld van die man wat 'n goeie oes gehad het. Hy het vir hom laat skure bou om sy oes te bewaar. Hy gaan homself geniet. Hy het vir God nie meer nodig nie. Maar dan laat God hom dieselfde nag nog sterwe. Die man word bestempel as dwaas.

Die dwaasheid van die man was nie dat hy iets wou bewaar vir die toekoms nie. Dit getuig van verstandigheid. Maar sy dwaasheid was dat hy gedink het dat hy daarmee sy toekoms in eie hande gehad het. Iemand wat voorsiening maak vir die toekoms is verstandig. Dit sou dwaasheid wees om die Here op jou betaaldag uitbundig te dank vir sy goedheid en om dan dieselfde dag alles uit te gee. Dan het jy die res van die maand niks.

Maar ons moet besef dat dit geen werklike waarborge kan gee nie. Jy kan vir 'n pragtige pensioen spaar, maar die dag dat jy daaraan toe is ontdek jy dat jou geld geen waarde meer het nie, omdat die inflasie dit verteer het. Jy kan ook 'n groot versekering afsluit vir uitkering op die dag dat jy wil aftree, maar dit kan wees dat jy daardie dag nie gaan haal nie. Geen mens het werklik 'n waarborg dat sy besparings van vandag hom vir môre gaan help nie.

Dieselfde is van toepassing op die jaar 2000 probleem. Jy kan watter voorbereidings ook al tref, maar as jy jou vertroue stel op voorrade en reserwes, handel jy dwaas. Ons Hemelse Vader gee vir ons 'n groter waarborg as watter voorbereidings ook al.

Verstandigheid
Ons moet dus die probleem verstandig aanpak, in vertroue op God. Maar wat is verstandig? Die punt is ook al baie bespreek. Ongelukkig is dit so dat baie sienings eensydig is, na albei kante. Ons moet die probleem steeds in die groter konteks sien, sonder om eensydig te raak (sien ook die artikel *Wat is 'n Gereformeerde Student?* in die Olielamp, Jaargang 3 nr.8).

Party mense (post millenialiste) verwag dat die duisend jarige vredesryk op hande is. Volgens hulle sal die Christene die enigste wees wat die probleem oorleef, en hulle sal nadat al die heidene gesterf het - vir 1000 jaar in 'n vredesryk leef, voordat Christus weerkom.

Ander weer wil die einde van die jaar 'n enorme partytjie gaan hou om die nuwe jaar te vier. Nie dat die feesvier verkeerd is nie, maar wel die motivering agter die partytjie. Hulle beskou die afgelope eeu as 'n eeu waarin die mens verskriklik baie bereik het. Die vieringe is dan om die mens te verheerlik wat hy deur die jare bereik het, sonder om aan God die erkenning te gee. Hulle misken die jaar 2000 probleem, en beskou dit net as bangmaak stories.

Ons moet oppas om nie eensydig te raak nie. Laat ons mekaar ook daarteen waarsku. Dit is baie maklik om ingesluk en meegesleur te word. Laat ons egter altyd onthou dat ons enigste waarborg vir die oorgang na die jaar 2000, Christus is. Met hierdie enigste waarborg alleen kan ons onbekommerd lewe. Dit beteken nie sorgeloos nie. Sorgeloosheid is altyd dwaas. Onbekommerdheid is egter 'n kenmerk van 'n gelowige.

GETUIES VAN CHRISTUS

Theo de Vries

As iemand vir my vra watter getuienis ek as Christen uitdra, is die eerste gedagte wat in my kop opkom: "Hoe kan die wêreld sien dat ek 'n Christen is ?" Tog is dit nie die enigste en belangrikste plek waar 'n mens as Christen opval nie. Die doel van 'n getuienis uitdra is nie alleen om mense tot bekering te roep nie, maar ook tot versterking van die eenheid van die kerk, die eenheid in Christus. Die volgende weergawes van twee mense se persoonlikhede en gedrag is 'n voorbeeld van situasies wat in die kerk gesien kan word.

Michael is 'n lid van die kerk. Hy is daar gebore, gedoop en het daarin opgegroei. Sy Christelike skool opvoeding, katkisasie en vereniginglewe was vir hom baie belangrik, want daar het hy geleer wat reg en

verkeerd is. Die praktiese toepassing daarvan in sy daaglikse lewe, is egter nog vir hom baie moeilik. In sekere situasies weet hy nog nie presies waar die "grense lê nie'. Dit is vir hom die "grys gebied" en daaroor kon hy nog nie besluit wat reg of verkeerd is nie. Vrae soos "tot hoever kan 'n mens gaan voordat dit sonde word; wanneer het dit 'n effek op my geloofslewe; en as dit nie aan my geloof 'n verskil maak nie, kan ek dit dan doen " is rêrig vir hom 'n probleem. Volgens hom is daar baie sake waarin hy niks verkeerds kan sien nie. Solank hy nie die Christelike grondbeginsels en reëls oortree nie, is hy gelukkig en tevrede.

Daar is egter sekere mense in die kerk wat hom irriteer en wat hy glad nie kan verdra nie. Ouens soos Andre, hulle weet altyd van beter en maak asof die antwoorde so eenvoudig is.Volgens Michael weet Andre nie eintlik hoe moeilik en gekompliseerd sy situasie is nie, want al Andre se vriende is in die kerk. Michael egter het baie vriende buite die kerk waarmee hy goed oor die weg kom. Dis juis sy goeie mense- verhoudings wat veroorsaak dat hy met soveel vrae gekonfronteer word. Volgens hom kom Andre nie in diè tipe situasies met sy kerkvriende, as waarmee hy sit nie. Andre kan dus nie vir hom sê wat reg en verkeerd is, as hy nie dit self ervaar het nie. Hy dink ook Andre is skynheilig, want Andre praat altyd oor wat verkeerd en sondig by ander is en watter tipe gedrag en optrede van 'n Christen verwag word, maar self doen hy ook mos sonde ? Michael vermy dus vir Andre, want sy eie gewete is vir hom genoeg.

Andre het net soos Michael in die kerk opgegroei, maar alles wat hy geleer het, het nie rêrig 'n verskil aan sy lewe gemaak nie. Hy het gedoen wat reg was in sy eie oë, solank net sy ouers, die dominee en sy ouderling gelukkig was. Nou het alles egter verander. Hy het tot bekering gekom en lei 'n nuwe lewe. Sy kennis wat hy gehad het in een oomblik in 'n lewendige geloof verander. Nou leef hy vanuit die geloof en sy dade is 'n bewys daarvan. Hy glo dus hy dat elke ware Christen goeie werke en geloofsdade moet hê om gered te kan word, want dis mos die enigste bewys dat jy rêrig verander het. Vir hom is dit dus belangrik om vir mense met 'n lou geloof te vertel van sy bekering en hulle ook aan te spoor tot bekering met geloofsdade. Ja, hulle moet in hulle optrede kan bewys dat hulle ware Christene is. Volgens hom hoort in 'n Christen se lewe ook geen sonde meer nie, hy fokus dan ook daarop om al hoe minder sonde en al hoe meer dade van geloof te doen. As hy gesondig het weet hy dat sy geloof nie sterk genoeg was nie.

Andre en Michael is twee Christene wat in dieselfde kerk funksioneer. Daar is geen verdraagsaamheid teenoor mekaar nie en daarom funksioneer elkeen op sy eie. Erger nog, elkeen probeer deur sy eie dade homself te red, die een deur goeie werke en die ander deur onderhouding van die wet. En juis deurdat hulle afsonderlik funksioneer en elkeen sy eie redding probeer bewerk, veroorsaak hulle verdeeldheid en afbraak in die eenheid van die kerk van Christus.

En juis deurdat hulle afsonderlik funksioneer en elkeer sy eie redding probeer bewerk, veroorsaak hulle verdeeldheid en afbraak in die eenheid van die kerk van Christus.

Hulle goeie, Christelike intensies werk tèèn God se werk in. Michael glo elkeen is vir sy eie dade verantwoordelik (wat natuurlik waar is), maar ook dat onderlinge toesig op mekaar nie nodig is nie. Andre glo toesig op mekaar is nodig, maar in so 'n mate dat dade van geloof weer 'n nuwe wet word waaraan ander gebind word. Veral in die Nuwe Testament kan bogenoemde scenario gevind word. Tweedrag, verdeeldheid en onmin is een van die kragtigste aanvalle van Satan op die kerk van Christus. Michael en Andre het verskillende gawes ontvang, die een kan goed met mense werk en die ander kan goeie leiding gee. Tog is die gawes nutteloos, want dit word nie tot opbou van die eenheid van die kerk gebruik nie. Die gawes word gebruik vir elkeen se eie voordeel en dan veroorsaak dit verdeelheid. Daarteenoor stel die Bybel die naasteliefde, iets wat nie sy eie eer soek nie, maar die van die ander. En naasteliefde is 'n gawe van God, slegs in die liefde kan hulle gawes nuttig wees. Ja, nie net nuttig nie, maar dan vul dit mekaar aan en kom tot volle ontplooiing sodat die effek daarvan baie groter is as wat dit ooit as gawe alleen kon gehad het. Dan kom die kerk van Christus tot 'n eenheid, kyk maar wat sê Rom. 12 en 1 Kor. 12 daaroor. Die vergelyking van een liggaam met afsonderlike lede verduidelik dit baie goed.

As Andre en Michael net kon besef dat hulle ìn Christus as 'n eenheid bymekaar behoort, sal hulle verwonderd staan oor hoe baie hulle vir mekaar en ook vir ander in die kerk kan beteken. En tog gebeur dit elke keer weer, ons sien dit nie net onder die jeug nie, maar ook by ouer mense. Die ou sonde waar **EK** die belangrikste is en alles rondom my draai, kan oral in die wêreld gesien word. Baie noem dit ook die ego, die onvermoë om minder as die ander te wees. Om

die minste te wil wees kan slegs deur Christus aan ons geskenk word en is ook ’n vrug van die geloof. Maar dit kan slegs gebeur as ons besef dat ons totaal en al skuldig staan voor God en uit genade alleen gered kan word. Hoe lank gaan ons ego van meer waarde wees as die erkenning van ons sondigheid en die terugkeer tot Christus; tot iemand uit my vriendegroep verdwyn, tot ek nie meer die ander groet of met hom praat nie of totdat die ander uit die kerk is? Nee, sê ons, gelukkig gaan dit nie sover nie, ten minste stop ons net voordat iemand uit die kerk uitgaan. En so probeer ons weer ons optrede regverdig, want EK is mos altyd reg ? Laat ons bid en waaksaam wees vir die liste van die Satan en met gebroke harte en gans verslae gees na ons Verlosser toe gaan.

Om getuies van Christus te wees, is veel meer as net 'n lys van sekere kenmerke oor hoe ’n Christen homself behoort te gedra. Dit is om te lewe uit genade.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak''

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Ja, dis weer sulke tyd! Watse tyd? Sleutelgattyd natuurlik, wat het julle gedink? Julle het seker aan wêreldbekertyd of eksamentyd of een van daai tye gedink. Jammer, dis net ek, die sleutelgatter.

Wel, hier in die Kaap begin dit stadig maar seker opwarm (dis nou die weer). Die son kom 'n bietjie vroeër op en gaan 'n bietjie later onder. En dis asof daar 'n vrolikheid in die lug is. Ons Afrikaners kan mos so lekker daarvan sing: "die gezoem van die bye en die harde turksvye" (of so iets), "dis lente in die Boland", "al die veld is vrolik", "uit die blou van onse hemel" en "op Blouberg se strand". Ironies genoeg het die Kapenaars besluit om in hierdie warmer tyd te gaan ysskaats. Skynbaar was dit groot pret daar in Goodwood se arena. Ek het geen gebreekte bene of arms na die tyd gesien nie.

Op 'n ernstiger noot, ons het hierdie maand ook 'n minikongres saam met die Kerkraad gehou. Die onderwerp was "Ons doop", met spesifieke aandag op die grootdoop. Hierdie onderwerp het die jeug nog altyd geraak en in 'n mate het almal maar hulle eie stryd gestry om die antwoorde te vind. Ons het besluit om hierdie stryd verder saam aan te pak en ons het vir dominee gevra om die inleiding te lewer (dominee het mos altyd al die antwoorde). Dit het hy op 'n baie interessante en dinamiese wyse aangepak. Die groepsbespreking wat daarop gevolg het, het ons almal gedwing om aan die werk te spring. Ons moes spesifieke tekste uit die Bybel bespreek wat as 'bewysmateriaal' kon dien vir ons geloof in die kinderdoop.
Die ete was vingerlek-lekker (ek hoop dis die korrekte weergawe van "fingerlicking-good VGK", ag jammer, "KFC"). Daar is besluit om die gebruiklike broodrolletjies met ham en kaas te verruil vir tante Joke Begemann se hamburgers. Haar opreg-geteelde beesmaalvleis tesame met 'n stukkie slaai en 'n stukkie tamatie was net die regte ding op daardie stadium. Die sop wat deur die ma's (of hulle dogters) voorberei is, het die gaatjies mooi toegemaak. Baie dankie aan dié wat gehelp het om die ete so aangenaam te maak. Dan ook aan dominee baie dankie vir sy bydrae aan die minikongres. Dit was werklik leersaam en ons glo dat dit ook aan ons getuienis in hierdie wêreld groot krag sal verleen.

Soos beloof, gaan ons hierdie maand weer voort met ons komplimenteuse speletjie.
Verlede maand het ons oor Morné en Magdel gepraat en hierdie maand wil ek begin met Riana en Henry. Duidelik stel eersgenoemde twee 'n goeie voorbeeld vir laasgenoemde twee - so lyk dit altans. Riana en Henry is altyd vriendelik en altyd gereed om te vra hoe dit gaan met die werk of die *swottings*. Dis vir my altyd lekker om met hulle te gesels.
En dan Elizma; Vissie, jy moenie daai vissie laat

swem nie hoor! Die ding wat my altyd opval van Elizma, is haar openheid op Jeugvereniging. Ons almal sukkel maar om met mekaar te praat oor persoonlike goed, maar Elizma is nie skaam om haar geloof te deel nie. Dankie daarvoor.
Verder wil ek gou my sê sê oor Piet (Peter). Hy's darem maar 'n staatmaker. Piet is een van daai ouens wat nie 'n groot bohaai maak nie, maar hy is altyd op die 'ball' en altyd voorbereid. Ons hoop nie daai masels het hierdie kwaliteite aangetas nie.
Allawêreld, die Mot darem… Julle ken mos vir Mot? Ja, Ewart, die blonde superman. Mot het altyd tyd vir 'n grappie, maak nie saak waar jy is nie. En tog kan hy ook baie ernstig wees, maar as 'n mens lus voel vir 'n bietjie komedie, is Mot daar om saam te grap.
Kom ons eindig hierdie maand af met 'n dame uit ons geledere, naamlik Sandra. As jy die dag lus voel vir 'n goeie intellektuele gesprek, gaan gesels gerus met Sandra. Ek is seker jy sal intellektueel gevoed wees na daardie gesprek. Sy het 'n groot kennis van sake, in besonder van die taal. Altyd baie interessant.
Weereens, dié wie se name nog nie genoem is nie, moenie bekommerd raak nie. Ek is op julle spoor.

Ek wil die laaste paar reëls van hierdie Sleutelgat toemaak met goeie wense aan almal wat eksamen skryf. Matrieks, vasbyt! Moenie moedeloos raak nie en ons dink almal aan julle. Aan al die ander wat eksamen skryf, baie sterkte.

O ja, Christine het verjaar. Vir die wat nie weet nie, Christine was so bang ons vergeet haar verjaarsdag hierdie jaar dat sy ons elke Sondag daaraan herinner het. Die groot dag het uiteindelik toe aangebreek en ons het lekker daar by Van der Linden se huis gekuier. Gelukkig is haar gesanik elke Sondag nou ook iets van die verlede (dis nou tensy sy nie nou begin met volgende jaar se verjaarsdag nie).

Geniet julle maand en onthou: Hou die blinkkant bo en die sleutelgat skoon.

Tarra

Die moeë Sleutelgatter (Julle dink dis snaaks, né! Weet julle hoe laat dit al is? Een uur in die môre. Môre-oggend is ek weer lekker 'sagerynig')

BAGATEL

Mensig, dis nou ‘n lekker agtermiddag!

Die hond weet nie wat om met haarself te maak nie en ek ook nie. Ek het juis een van die plastiek tuinstoele uit sy winterslaap van onder die afdakkie gepluk en sit nou met my kerkbroek op die vuil stoel. Solank my vrou of dogter dit nie agterkom nie, sit ek rustig. Die sitplek moes natuurlik met ‘n vadoek afgevee word, maar dis so ‘n lang stap kombuis toe, dat die uitskud en hande afvee vir my heeltemaal voldoende is. Trouens, die vuil is net aan die agterkant en dis waar ‘n mens gewoonlik sit.

As ‘n mens op so ‘n mooi lentemiddag sy sit gekry het, is daar min dinge wat jou van vermoeiende planne, soos opstaan, kan oortuig. Waar die hond al sy energie vandaan kry, gaan my verstand te bowe; dis seker hoekom diere met ‘n instink gebore word. Ook ‘n jong hond se instink moet nog groei tot volwassenheid. Die plukkie onkruid wat ek gister in al my Saterdagywer uitgetrek het, is vir haar ‘n voortdurende bron van vermaak. Grom, grawe en byt om dan in die hardloop amper jou nek te breek oor ‘n braaihoutstompie wat jy gister in jou hardloop verloor het.

Tog is dit verbasend om te sien hoe sy haar een flapoor soos ‘n skottel-antenna gedraai hou op die geluide wat deur die oopstaande skuifdeur vanaf die kombuis kom aangerommel. Dis belangrike sake die, daar word kos gemaak. Ek mag nou wel nie die grootmense voor hulle voete loop nie, maar daar gaan definitief iets voor my pote val wat ek kan oplek of uitsnuffel.



In ‘n wye draai verniel die jong hond ‘n spoor fresia’s wat met soveel moeite hulle kop na al die winterstorms bo die grond uitgesteek het. Dit was nogal hoërskoolfondsinsamelingsaksiefresia’s (een woord) wat ons sugtend van ons dogter gekoop het om haar te help van die aksie ontslae te raak. Die bolle-aksie was bedoel om die netbalspan gedurende die wintervakansie Vrystaat toe te stuur. Ek hoop daardie blommetjies het geblom in die Vrystaat, want in my tuin word daar diep spore deur ons hond getrap. Plotseling staan sy doodstil en hou ‘n plekkie in die grasperk dop. Ek sien niks nie, maar sy gewaar iets besonders. Is dit ‘n ywerige mier, ‘n slak of sommer

'n wolhaarwurm wat hom volgevreet van die laaste kaal steggie na haar skaduplekkie sleep? Die hond weet ook nie, want die volgende oomblik woers sy onder my uitgestrekte bene in.

Die duiwe koer-koer vanaf 'n veilige boomtak. Hulle het die hond leer ken, want so amper was daar moeilikheid. Hier het onlangs 'n swart gedierte ingetrek wat nie 'n kat is nie, maar wat jou (die duiwe) vir die jol kan kom opja. Hulle trippel nog so ewe parmantig oor die plaveisel en voor jy weet wat jy soek, skiet die swart gevaar voor jou oë verby. Nou moet alles wat vlieg eers die wêreld ordentlik vanaf die draad verken voordat jy dit in die tuin waag, en dan is jy nog nie jou lewe seker nie.

Ek sit in my t-shirt onder die afdakkie want my Sondagse hemp het 'n vuil streep opgehad. Die eerste keer dat ek die sproeiers aangesit het en die tuinslang wou skuif, maak dit 'n lang streep oor my hemp. Vinnig maak ek dit mooi skoon met baie water en handewas-seep, maar na 'n tydjie gee dit 'n klam kol op my maag. Dit is hoekom die hemp halfmas oor die draad hang en ek in my t-shirt sit en ontspan. 'Sit pa lekker op sy stoeltjie?' vra my dogter wat uitgestap kom. 'Hm, die hemp lyk nogals snaaks oor die draad.'

Ek sê niks nie, want netnou kry ek nog kommentaar oor die tuinstoele wat nie afgevee is nie … en dit was alles so vredig. Die hond het van onder my bene pad gegee en soek haar stert. Nogal oulik, hoe rats sy draai, so vinnig is haar stert se swaai. Totdat sy haar vasswaai teen die tafelpoot en met 'n grom haar stert beetkry. Snaaks, as jy kwaai met haar praat sal sy tjank, maar daardie stertbyt gee nie eers 'n kerm nie.
_ _ _ _ _ AAN TAFEL_ _ _ _ _
Moeisaam verhef ek my uit my stoel en skeur my los uit my oorpeinsing.
Die hond het haar in elk geval aan haar eie stert beet.

T. Wente

OOSGENOOTJIES

OU FANIE BOTHA…

C.G.

Oneindige wydheid, uitgestrekte en ongerepte velde, moerassige oerwoude, beeldskone bruidsluiers sonder einde, berge met onbereikbare toppe, dieptes wat jou laat duisel, gelag rondom die warmte van 'n kampvuur, storte wat 'n mens lekker verkoel, sonstrale en inspanning wat jou liggaamsvog te voorskyn laat kom, bobbejane wat met jou probeer gesels, bokke wat wegduik vir 'n nuwe diersoort soos jy en elke kilometer weer die 'voetjies' wat jou vorentoe lei… Proe die sfeer en avontuur van **Fanie Botha!!**

Saterdag 11 September vertrek twee kombi's met (kombi-) spoed na Oos-Transvaal, Sabie. Elkeen volgelaai met 8 persone, hulle bagasie met voorraad vir 5 dae. Nadat ons eers in die kar gewoond geraak het aan die natuuromgewing stap ons so een uur die middag regtig die natuurskoon in en los die 'stadsgevoel' in die kar. Ons gaan kyk eers na die "Bridal Veil" valle, waar ons werklik kennis maak met die Suid-Afrikaanse natuurskoon en –prag. God se pragtige skepping is die hele staptoer dan ook die middelpunt van bewondering en die gevoel jy deel daarvan is.

Die eerste agt kilometer is om gewoond te raak aan jou rugsak. Dan stap mens nog vol 'frisse' moed, waarby ons na een verraderlike draai al by die hut aankom. Ons deel die Maritzbos hut met nog 'n groep wandelaars. 'Hopelik' het ons net so min soos hulle gesnork! Om die aandete klaar te maak was natuurlik 'n hele kuns. Jy hoef die poeding net in jou mond te giet en …….slikken maar!!

Die kos en slaap was versterking vir die binnekant, wat ons nodig het vir die tweede dag. Nou begin die egte spierwerk! Die roete loop deur 'n skitterende, groen bos vol met varings en mos. Reëlmatig kruis jy die 'Lone Creek' wat jy stroom-opwaarts volg. Dink net na oor die geluid van stromende water en –valletjies wat saam met jou loop!
By die 'Tarka Falls' hou ons 'n kerkdiens, aangebied deur Axel. Omdat elkeen sy eie tempo stap was dit wel nodig om 'n paar Hollandse hasies (oftewel marathon stappers Linda en Monique) terug te roep vir die diens, hulle het seker nie die klokkespel gehoor nie, haha!
Daarna vervolg ons die geklim terwyl die voëlliefhebbers soms vir 'n opeenhoping sorg. Op die

pad ontdek iemand ook ‘n klein slangetjie tussen die blare. Op die bergtop aangekom, is dit eers tyd om te rus en van die uitsig te geniet. Ons huisie van die afgelope nag lyk hiervandaan nie groter as ‘n vuurhoutdosie nie! (Dit na ‘n klim van meer as 800 m). Dan stap ons verder oor die grasvelde, gaan eet by ‘n lekker poeletjie en vervolg die laaste paar kilometers na die hut. Daar neem baie van ons die eerste koue stort, wat goed hoorbaar was en waarby jy jou asem moes inhou. Saans luister en lag ons lekker oor al die ‘grootmans’ verhale. Dirk, Johannes en Daniël gaan buite slaap, maar halfpad die nag besluit Johannes dat sy neus te veel vries en kom slaap toe maar binnekant.

Na ‘n goeie nagrus begin ons met die derde dag. Die wolke en mis van die oggend oor die berge was besonder mooi. Aan ons kant van die berg was dit helder, maar na die ander kant toe is die uitsig baie beperk, selfs met ‘n verkyker. Die mis trek dan oor die berg met die son daarop, wat dit laat lyk soos ‘n ‘sneeulaken’. Later die dag daal die roete enorm baie en vinnig. Ons gaan eet by ‘n poel met ‘n skitterende waterval in ‘n kloof. Daarna klim ons weer op en loop oor die berge. Daai dag sien ons ‘n groep bobbejane op die berg teenoor ons. Hulle speel, baklei en hardloop daar rond. Ook word daar ‘n paar bokke bespeur. Dit veroorsaak dat Johannes weer lekker kon speel met sy videokamera.

Volgens die Nederlanders ‘worden de hutten al hoe gekker en primitiever er is bij deze hut (Mac-Mac) niet eens een gewone toilet en douche’ (stort). Die stort het soos volg gewerk: Dis ‘n buis wat uit die water tank hang en waaraan jy moet suig om ‘n straal water te kry. Arnoud en Rinus het egter soveel suigkrag dat hulle longe vol raak met vog. Dit het hulle lekker laat hoes en proes. Verder kan ‘n mens ook nie op die ‘longdrop’ gaan sit met ‘n toe deur sonder ‘n gasmasker nie. Daai lug sal jou sekerlik ‘high’ maak. Hiervoor was Willeke dus nie lus nie; dus swaai sy die toevallende deur elke keer oop! Saans by die vuur laat Dirk sy musikale talente hoor op die mondharmonika (mondfluitjie), lekker gesing. Ander laat hulle versorg deur ‘n massering. Weer ander mense versorg hulle pynlike voete oortrek met blase met liefde, met die wete dat die staptoer nie so vinnig oor sal wees nie, veral nie die volgende dag nie.

So begin ons aan die vierde en langste dag, 22.3 km. Daar kom ons verby die mooiste plekkies, o.a. die Mac-Macwaterval en -poele. Eers stap ons deur dennebosse, wat party mense lekker laat gly. Nadat ons die Mac-Mac waterval besoek het stap ons verder vir ‘n fris duik in die poele. Eers die dapper ouens wat in die fris (=vrek koud!) water duik en later volg ook die dames. Heerlik fris en ontspannend vir die spiere! Daarna is ‘n sonbad weer verwarmend en stap ons weer aan deur die digte woude. Vandag is die sangstemming baie goed en maak ons soms lekker geraas.
Party van die mans raas soos bobbejane. Cornelia en Hanneke bly doodstil staan toe die ape so begin skree, dis immers nie ver nie en klink aggressief. Wat doen daai dierasies, dit sal die eerste keer wees as ons hulle ontmoet en hulle is seker nie vriendelik nie. Dus stap hulle ‘n entjie terug en dit word stil. Na 5 minute besluit hulle weer om verder te stap en die geblaf begin weer. Vinnig weer terug en wag vir versterking. Dit met knikkende knieë en ‘n vinnige adrenalien stroom! Dan tot oplugting verskyn ‘n sterk man om die hoek. Hy sal hulle veilig lei, gewapen met ‘n stok. Na ‘n paar meter staan ook hy stil en…vinnig weer terug. Dan kom die res van die groep sterk manne en ons besluit aan te stap. Na ‘n paar meter gee ’n fynhoorder aan dat dit meer soos mense klink, wat vir die ander natuurlik erg onwaar / ongeloofwaardig klink!! Eers sien, dan glo, die geblaf kom steeds naderby. Ons loop om ‘n hoekie en daar sit die skurke; Hannes is hard besig om takke te breek en Arnoud slaan homself op die bors; Hierdie ‘trick’ het onvergeetlik gewerk!!

‘n Rukkie later steek ons die Mac- Mac rivier oor in die dal. Dit oor ‘n waggelende toubrug en daarna begin die pad weer na bo! Op na die Graskop hut! Hannes is eerste bo en verras almal met ‘n flits (kamera). Die suurkool en mash (vir 32 persone) is daai aand dan ook nie genoeg nie en word ook die laaste macaroni verslind!

Laaste dag en ons verdeel die groep in twee! Die gewondes en beseerdes stap net tot Graskop (3 km), waar die kombi’s staan en vervolg die roete rydend. Die res stap en klouter (14.5 km) voort. Amper die verkeerde pad op. Tog hoor ons vandag die opmerking: Die Afrikaanse kilometer is seker langer as die Hollandse kilometer!! Het hulle wel goed getel??! By die pragtige uitsigpunt van die 30 meter hoë Pinnacle klip hou ons pouse en kom op asem vir die laatste paar meter. Hier het die kombi’s vinnig gestop en neem ‘n paar se bagasie oor. Sonder verdere voetspore op die roete is die paadjie nie duidelik nie en gaan stap ons op die groot pad. Werklik die gevoel van ‘n groot avonturis. Dan die bordjie “Gods Window” waarby die vreugde aanspoor tot hardloop en ons daarna heerlik van die uitsig geniet en kyk tot die einde van die aarde! Op die pad terug is daar ‘n opgewekte rustigheid in die

kombi's, 'n diepe tevredenheid. Na 'n soektog of twee kom ons eindelik by die **Spur** in Middelburg uit. Aanvallleeeeen!! Reinier Raimond sal na hierdie afsluitingsmaal dan ook nie meer so 'n verjaarsdag vergeet nie. Daar is hard en duidelik vir hom gesing. Aan die einde en by tuiskoms is ons God dankbaar vir hierdie mooi toer en sy beskerming oor ons. Dit is 'n pragtige natuurskone staptoer met groot avontuur! Wie meer wil saambeleef, daar is 'n video bewonderbaar by Johannes de Vries.

Dit is die jongmense wat saamgestap het en weet jy *dat*:

- **Daniël** so opgaan in die voëls bo hom, dat hy eers 'n uur later agterkom daar's nie meer mense in sy omgewing nie.
- **Axel** ook hard kan skree, raak net 'n gevoelige plek op sy voet**!**
- **Linda** haar poedingsertifikaat behaal het, haar poeding was sonder klonte!
- **Reinier** die meisies wel in beskerming sal neem, dit met 'n stok in sy hand (Rambo in de rimboe!)
- **Willeke** haar pad maklik kon loop, selfs met toe oë. (Die alluminium-stok het haar 'n handjie gehelp). Sy kan ook so oulik lag…
- **Johannes** sy speelgoed nie vir niks saamgevat het nie, nou het ons 'n lewenslange herinnering. Dankie!
- **Arnoud** geniet van sy nuwe funksie: Vullisbak/ Stofsuier.
- **Rinus** na asem hap as sy longe te vogtig word, gek hê?
- **Hilde** 'rustig' en ongesteurd verder stap, en maklik die meeste uithouvermoë van almal het.
- **Dirk** se kombi so nou en dan 'n bietjie petrol uitspoeg en dat Johannes se sirene dan outomaties begin werk…
- **Annemarie –** soms vir Hannes moes aanjaag!!
- **Monique** se army – boots enige rugsak soos 'n veertjie laat voel.
- **Marjanie** baie van die blase op haar voete hou. Sy versorg hulle uitmuntend. Sy het ook die wêreld altyd kleuriger gesien as die res.
- **Hanneke** – baie daarvan hou om haar sigaretstompies saam te dra tot by die eindpunt.
- **Cornelia** mal is op 'Rhodesia Camouflage' klere, soms kon ons haar nie sien nie!!
- **Hannes** dit altyd regkry om ons oë vogtig te laat raak. (Is dit sy grappe of die rook wat hy in jou rigting blaas?)

Hier is 'n lys van die voëls wat ons gesien het. Die name is soos hulle voorkom in **Robert's Birds for South Africa**, **Newman's Birds** en **Sasol Voëls van Suider Afrika**:

1. Witkruis Arend
2. Oranje Lyster
3. Rooibek Lyster
4. Gewone Bosduif
5. Hadeda
6. Blouvalk
7. Geelbekeend
8. Bosloerie
9. Knysna Loerie
10. Swartoog Tiptol
11. Waterfiskaal
12. Swartkop Wielewaal
13. Tarentaal
14. Withalskraai
15. Krans Swael
16. Witlies Bosbontrokkie
17. Konkoit
18. Kwikstertjie
19. Gewone Janfrederik
20. Fiskaal Laksman
21. Kaapse Kliplyster
22. Sekretarisvoël
23. Kaapse Glasogie
24. Geelbek Bosduif
25. Groot Rooibors Suikerbekkie
26. Rooivlerkspreeu
27. Mikstert Byvanger
28. Gevlekte Muisvoël
29. Boomkruiper

Daniël en Dirk het 'n paar voëlboeke saamgevat om voëls te identifiseer. Dis ongelooflik lekker om tjoepstil deur die bos te sluip, al nader aan 'n tjirpende voëltjie wat êrens wegkruip. Op die ou end het ons ongeveer 30 voëlsoorte gesien. Die mooiste was die Knysna Loerie, 'n pragtige groen voël met bloedrooi vlerke as hy vlieg. Ons het hom seker 3 meter vanaf die paadjie gesien. Dis seldsaam om 'n Knysna Loerie so naby te sien. 'n Mens hoor hulle geweldig baie so in die bos, maar hulle laat min van hulle sien. Hy was seker net so verbaas om ons te sien as wat ons was om hom te sien. Dis geweldig mooi om meer te leer van die voëls wat daar voorkom. Net soos die klein mossie in die Bybel versorg word deur die Here, so ook al die voëls in hierdie omgewing.

VOETSPORE

Dis al weer tyd vir die volgende uitgawe. Ek wil sommer begin met 'n storie oor Marieke. Marieke? Wat het sy nou weer aangevang? Sy het besluit om die ja-woord aan Christiaan Haak te gee. Nou is sy mev. Haak. Ons wil net as redaksie vir haar en Christiaan baie geluk sê. Ons hoop dat julle saam 'n wonderlike pad vorentoe sal hê. (Ek het gehoor dat sy eens op 'n tyd ook deel was van die Olielamp-redaksie, daarom wou ons haar net gelukwens.)

So 'n rukkie terug (party se geheues sal hulle dalk in die steek laat) het die Maranata-gemeente 'n pannekoek-speletjiesaand gehou. Die jeug van Pretoria was ook genooi. Ons moes net ingang betaal het en dan kon ons soveel pannekoek geëet het soos wat ons wou. Dit was 'n puik idee. Ons het lekker speletjies gespeel. Daar was vingerbord, "darts", kaarte, tafeltennis en baie gelag. Ons moet beslis volgende jaar weer so iets doen.

Ons het weer 'n studente-vereniging gehad. Hanno Boon het met ons gepraat oor die verskillende teorieë waarmee ons te doen kan kry. Hy het veral klem gelê op die Maslow-teorie. Die Maslow-teorie is 'n

piramide waar die onderste vlak bestaan uit die bevrediging van basiese behoeftes (soos eet en slaap) en wat dan opgewerk word tot die boonste vlak wat bestaan uit selfverwesenliking. Ons het gepraat oor hoe ons sulke teorieë moet hanteer. Baie dankie aan Hanno vir al sy moeite. Op die volgende vergadering gaan 'n vaste bestuur gekies word. Vir die van julle wat nog nie daar was nie, doen jouself 'n guns en woon 'n keer so 'n vergadering by. Dit is beslis die moeite werd.

Een verenigingsaand is al die jeug bymekaar geroep na pouse. Niemand het 'n idee gehad waaroor dit gaan nie, maar ons het gou uitgevind. Oom Piet Agema was daar, ons konneksie met die kerkraad. Ons het 'n bespreking gehad oor watter gedeeltes ons volgende jaar wil bespreek. Daar is temas gegee en die JS sal saam met die kerkraad daaroor praat en kyk of daar goeie voorstudie-materiaal is wat ons kan gebruik. Ons het ook gepraat oor Herfsblaar (jeug ouer as 23). Was dit 'n goeie idee dat hulle hulself afgeskei het van die jonger jeug? Daar is nog 'n meningsverskil. Daar gaan wel volgende jaar meer kontak tussen die jeug en kerkraad wees.

24 September was 'n vakansiedag, soos julle almal sal weet. Met die son wat so heerlik geskyn het, was dit 'n ideale dag vir die gemeente-volleybaldag. Verenigings, kerkrade, besture en sommer net vriende kon spanne ingeskryf het. (En het julle geweet? Die kerkraad van Maranata hou nie vergaderings op Dinsdagaande nie, hulle oefen volleybal! Dis net 'n grappie.) Ons wil baie geluk sê aan die Lugkastele wat met die eerste prys weggeloop het (wie sal dan ook teen sulke jong, fris en fikse manne kan wen!?). Daar was ook 'n brei-kompetisie waar die vrouens mekaar kon aanpak. Daar is gekyk wie die meeste rye in 10 minute kan brei. Tannie Grietjie Smit het met die prys weggeloop. Dan was daar nog die baie eet- en drinkgoed. Ek dink dit was 'n perfekte manier om 'n vakansiedag te vier. Baie dankie aan al die organiseerders vir al die moeite.

Dit was nou 'n hele mond vol. Ek wil afsluit deur te sê: sterkte aan almal wat nou voorberei vir die eind-eksamens. Ek hoop julle is almal gemotiveerd en ek hoop dat julle almal goeie resultate sal kry. Ek wil ook sterkte sê aan die JS van Pretoria vir die laaste reëlings vir die kongres.

Tot 'n volgende keer
Die voetspoor.

nog iets . . .

DIE HOOFREDE OM PRETORIA TOE TE KOM

Goeiedag aan alle studente van die Vrye Gereformeerde Kerk van Suid- Afrika. En natuurlik ook 'n woord van welkom aan alle gewese en voornemende studente. Die laàaâaãaáaäaåaæng somervakansie vir die gelukkiges en die minder gelukkiges, dis nou die studente wat moet werk, is om die draai. Die eksamens is agter die rug, of amper, en ons vertrou dat elkeen sy breinkrag optimaal benut het en net soveel gaan uitkry as wat hy ingesit het.



Die weer van die ou Transvaal word al hoe onweerstaanbaarder vir die Suideliker Suid-Afrikaners en dis dié dat al wat Kapenaar is, van voorneme is om binnekort die Valies se son te kom probeer weerstaan. Onthou jul Sun Protection 30! Die gesonbaddery is glo nie die hoof rede op hul lys nie. Nee, die 4e rede vir hul draai gooi in Gauteng is glo om die draai van die millenium te kom vier. Natuurlik is dit die aangewese plek om te wees by so 'n 'once-in a-blue-moon-event'. *So by the way*, dit was hierdie jaar twee keer 'blue-moon.'

Die 3e en 2e rede hoekom die Jo-burgers en die Kapies na die Jakaranda-stad kom, is voor die hand liggend. Dit is dat hierdie oor-die-pos-gevryery nou end kan kry en natuurlik om die jaarlikse kongres by te woon. Dié week in Desember gaan die laaste, lag-lag die lekkerste kongres van die millenium wees en ons sien uit daarna.

Maar die hoofrede vir die uittog na Pretoria, is natuurlik . . . . Aha, reg geraai. Kan sien julle is studente, julle raak al hoe slimmer. Dis natuurlik die studente vereniging van Pretoria se laaste vergadering van die millenium, wat die halsbandjie is (ons probeer nog uitvind wie die hondjie is). Dit vind plaas op die 26e November. Ons weet dat die besoekers uit die Suide nie net één week van dink, leer en pret hier in die Noorde wil kom bywoon nie. En omdat ons reeds

Maslow se behoefte hiërargie bespreek het, is ons sensitief vir jul intellektuele behoeftes en het ons dié perfekte geleentheid geskep. Ons weet dat elke Kaapse student dit met beide hande sal aangryp om reeds einde November hier te kan wees.

Vir die geleentheid het ons ‘n pragtige lapa hoog bo seespieël tot ons beskikking. *Sorry* rotsklimmers, dis hoog, maar daar’s nie kranse nie. Die *mountainbikers* kan wel op hul fietse kom, onthou net om ‘n pomp vir ‘flat tires’ saam te bring. En die stappers wat toer per ‘benenwagen’ moet hul ‘deep heat’ en ‘ruk-en-rol-gel’ onthou. Koeldranke sal te koop aangebied word, want daar moet darem iewers fondse vandaan kom om die kostes te dek.

Die vergadering is ‘n perd van ‘n ander kleur. Spesiaal vir al die studente, omdat hulle so uitsonderlik en spesiaal is. Die vergadering trek die baadjie van bring-jou-eie-vleis-en-braai-dit-self aan. Ons kan ongelukkig nie al die hordes studente, gewese studente en voornemende studente van die Vrye Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika van proteïene voorsien nie. Verder moet jy ook ‘n minimale ingangsfooi van ongeveer R5,- (‘n *bargain* vir slaaie én pap én sous én die kyk van ‘n video) en emmers vol geesdrif saambring.

Tyd vir ‘brainstorming’ word ook ingeruim in die vorm van ‘n werkswinkel. Buiten die gastro-intestinale tractus wil ons ook graag die sentrale senuweestels akkomodeer. Ons wil saam ‘n plan opstel vir die studentevereniging van volgende jaar.

Onthou jul eiers vir ontbyt, dit gee ons ‘n voorsprong om mee weg te spring. Dus ons wag vir al jul puik idees en voorstelle.

En daar gaan nóg ‘n groot gebeurtenis plaasvind, soos julle sien, een van vele wat die studentevereniging betref. Die bestuur 2000 gaan gekies word. So, as jy jouself sien as ‘n student wat ‘oemf’ het, kom staan vir die bevoorregte posisie en stel jouself beskikbaar. Kry ‘n nomineerder en sekondante en jou toekoms as bestuurslid van die studentevereniging 2000 lê blink voor jou. Indien jy egter nie so in aanvraag is as wat jy gedink het nie, het jy nog altyd die voorreg om, as student, amptelik lid te word.

Ons gaan die aand afsluit met ‘Patch Adams’ waarna ons die film met sy vele fasette gaan bespreek. Ons weet mos al dat ons as studente nie net alles soos soetkoek moet opeet nie, maar dat daar filosofië en denkrigtings agter alles is, waarvan ons bewus moet wees.

Soos julle kan sien beloof dit om ‘n aand te wees wat geen student van die Vrye Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika mag misloop nie. Hou die pers dop vir meer besonderhede. So klim 26 November 1999 (die wat van ver kom reeds die 25e) op jul fietse, die trein, bus of in jul ouers se motor, of vir die ryker studente, in jul eie motor en skakel vanaf 1e oor na race en mik hoog na die Magalies.

Komaan, Suid-Afrika benodig JOU breinkrag!
The invisible management

VERGEWE EN VERGEET

Dat gij niet de dingen die uwe ogen gezien hebben – Deut 4:9

Totius (JD du Toit)

Daar het ‘n doringboompie
vlak by die pad gestaan,
waar lange ossespanne
met sware vragte gaan.

En eendag kom daarlanges
‘n ossewa verby,
wat met sy sware wiele
dwars-oor die boompie ry.

“Jy het mos, doringstruikie,
my ander dag gekrap;
en daarom het my wiele
jou kroontjie plat getrap.”

Die ossewa verdwyn weer
agter ‘n heuweltop,
en langsaam buig die boompie
sy stammetjie weer op.

Sy skoonheid was geskonde;
sy bassies was geskeur;
op een plek was die stammetjie
so amper middeldeur.

Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
die salf van eie gom.

Ook het die loop van jare
die wonde weggewis –
net een plek bly ‘n teken
wat onuitwisbaar is.

Die wonde word gesond weer
as jare kom en gaan,
maar daardie merk word groter
en groei maar aldeur aan.

Daar gebeur so baie dinge in ‘n mens se lewe. Daar is baie vreugde, maar net so baie verdriet. Daar gebeur gereeld dinge wat seermaak, mense sê verkeerde dinge of doen verkeerde dinge. Daar word dierbares uit ons lewens weggeneem en dit laat ‘n baie rou seer. 'n Mens sit gereeld met vrae of met wraakgedagtes. Gedagtes dat die lewe onregverdig is.

Wat egter gereeld vergeet word, is dat daar genesing kom vir al die seer. Dit kan maande vat, selfs jare. Die lewe se vreugde en hartseer lyk soos ‘n pendule wat heen en weer swaai. Die vreugde is aan die een kant en die hartseer aan die anderkant. Hoe swaarder die hartseer is, net so hoog sal die pendule weer aan die anderkant opswaai en vreugde gee.

Die merk van seerkry sal altyd daar bly soos die merk op die doringboompie, maar ons moet steeds weer opstaan met die hulp van die Here en bly soek na die vreugde. Ons moet mekaar vergewe vir dit wat ons verkeerd doen of sê, en dan moet ons dit vergeet. Die Here kom die wraak toe. Ons mag dan met geruste hart ons lewens in sy hande laat.

Karina

DANS STADIG…

Dirk Boon

Hierdie gedig word baie per e-mail rondgestuur na almal wat toegang tot e-mail het. Dit word gewoonlik vergesel met ‘n boodskap van ‘n jong meisie wat kanker het. Sy wil graag deur middel van die gedig mense aanbeveel om die lewe *ten volle* te geniet, aangesien sy nie meer in staat is om dit te kan doen nie.

Jy kan jouself maar in haar posisie indink: Op ‘n jong ouderdom, waar jy veronderstel is om so lewenslustig te wees dat jy die hele wêreld wil verken, is jy gebind aan ‘n siekte wat jou einde gaan beteken. Hierdie siekte verander heeltemal jou lewensvisie: Jy moet baie medikasie ondergaan; Jy moet rustig wees, en soms baie in die bed lê; jy kan nie deelneem aan al die aktiwiteite waaraan jou vriende deelneem nie; jy is baie depressief omdat jy weet jy kan binnekort sterf.

Almal van ons kan iets leer deur te luister na wat hierdie meisie sê: Ons moet depressiwiteit uit ons lewens hou deur ten volle te lewe. Ons moet ons hele wese oopstel vir die ‘mooi’ dinge in hierdie lewe. Alle geleenthede moet ten volle aangegryp word en ons moet die meeste daarvan maak. Ons moet minder kyk na ‘*hoekom’* ons iets doen, en meer let op ‘*hoe’* ons dit doen sodat ons plesier kan put uit alles wat gedoen word. Ons moet soveel as moontlik iets moois van die lewe maak voor ons eendag doodgaan.

Is dit so?

S L O W D A N C E

Have you ever watched kids
on a merry-go-round
Or listened to the rain
slapping on the ground?
Ever followed a butterfly's erratic flight
Or gazed at the sun into the fading night?

You better slow down
Don't dance so fast
Time is short
The music won't last

Do you run through each day on the fly
When you ask "How are you?"
do you hear the reply?
When the day is done,
do you lie in your bed
With the next hundred chores
running through your head?

You'd better slow down
Don't dance so fast
Time is short
The music won't last

Ever told your child,
We'll do it tomorrow
And in your haste, not see his sorrow?
Ever lost touch,
Let a good friendship die
'Cause you never had time
to call and say "Hi"?

You'd better slow down
Don't dance so fast
Time is short
The music won't last

When you run so fast to get somewhere
You miss half the fun of getting there.
When you worry and hurry through your day,
It is like an unopened gift....
Thrown away...

Life is not a race.
Do take it slower
Hear the music
Before the song is over.

VERJAARSDAE

Johannesburg

Henk Bijker	30 Okt
Dirk Bijker	22 Nov
Erna de bok	22 Nov
Idelet Kuyvenhoven	5 Des
Johann Reyneke	7 Des

Kaapstad

Philip Scheltens	26 Okt
Stefan van Dalen	30 Okt
Elizma Smith	12 Nov
Floris Antonides	17 Nov
Arjan van der Lugt	22 Nov
Riaan van Alten	30 Nov
Peter Raimond	7 Des
Jaco Haak	8 Des
Erik Raimond	9 Des

Maranata

Hannes Bosman	26 Okt
Ronél de Vente	8 Nov
Albert Bouwmeester	11 Nov
Herbert Begemann	14 Nov
Cora Visser	16 Nov
Johan Bron	20 Nov
Sietse van der Meulen	24 Nov
Johan Sterk	1 Des
Willem Sterk	1 Des
Axel Hagg	2 Des
Gerda de Jager	9 Des
Marijke Aartsma	9 Des

Pretoria

Eric van der Veen	5 Nov
Jolandi van der Weide	9 Nov
Albert-Jan Zielman	12 Nov
Johan Bijker	15 Nov
Brenda Slump	6 Des



"Pull out, Betty! Pull out! . . . You've hit an artery!"

http://www.vgk.org.za/olielamp/

Gesoek: Persone met die nodige vaardighede en ondervinding vir die ontwikkeling en instandhouding van die Olielamp website.
Kontak: krokkie@easy.co.za